

2 SAMUEL

Inleiding (sien 1 Samuel)

1

Berig oor Saul en Jonatan se dood

¹ Ná die dood van Saul* het Dawid teruggekom van sy oorwinning oor die Amalekiete.* Dawid het twee dae lank in Siklag gebly.* ² Op die derde dag kom daar onverwags 'n man van Saul af, van die leër af. Sy klere was geskeur en daar was grond op sy kop.* Toe hy by Dawid aankom, het hy op die grond neergeval en diep neergebuig.^a

³ Dawid vra hom toe: “Waar kom jy vandaan?” Hy het geantwoord: “Van die leër van Israel af — ek het ontvlug.”

⁴ Dawid sê vir hom: “Wat het gebeur? Vertel my, asseblief!” Hy sê toe dat die manskappe uit die geveg gevlug het, dat ook baie van die manskappe geval en gesterf het, en dat selfs Saul en sy seun Jonatan* dood is.

⁵ Dawid vra toe vir die jong man wat die berig vir hom bring: “Hoe weet jy dat Saul en sy seun Jonatan dood is?” ⁶ Die jong man sê toe: “Ek

* **1:1 dood van Saul:** 1 Sam 31:3-6

* **1:1 Amalekiete:** Gen 36:12,16; Eks 17:8; Deut 25:17,19

* **1:1 oorwinning ... gebly:** 1 Sam 30:17,26

* **1:2 klere ... kop:** Jos 7:6; 1 Sam 4:12

^a**1:2 neergeval ... neergebuig:** Dit was 'n teken van eerbetoon. Die persoon het op sy knieë gaan staan en met sy hande vorentoe uitgestrek, met sy gesig teen die grond gebuig.

* **1:4 Jonatan:** 1 Sam 18:1

was heel toevallig op die berg van Gilboa,* en sowaar, daar leun Saul op sy vegspies, terwyl die strydwaens en die perderuiters al op hom is!

⁷ Toe hy omdraai en my sien, roep hy na my. Ek het geantwoord, ‘Ek is tot u diens!’^b ⁸ Hy vra my toe, ‘Wie is jy?’ En ek antwoord hom, ‘Ek is 'n Amalekiet.’ ⁹ Toe sê hy vir my, ‘Kom staan tog hier by my en maak my dood, want 'n duiseligheid oorval my, al is daar nog lewe in my.’^c ¹⁰ Ek het by hom gaan staan en hom doodgemaak, want ek het geweet dat hy nie sou leef as hy eers geval het nie. Ek het die diadeem^d wat op sy kop was en die armband wat aan sy arm was, geneem, en dit hierheen vir my heer gebring.”

¹¹ *Dawid het sy klere gegryp en dit geskeur; so ook al die manne wat by hom was. ¹² Hulle het gerou en gehuil, en tot die aand gevas oor Saul en sy seun Jonatan, en oor die manskappe van die HERE en die huis van Israel, omdat hulle deur die swaard geval het.

¹³ Dawid het vir die jong man wat die berig vir hom gebring het, gevra: “Waar is jy vandaan?” Hy het gesê: “Ek is die seun van 'n vreemdeling,^e 'n Amalekiet.” ¹⁴ *Daarop sê Dawid vir hom: “Hoe is dit dan dat jy nie eers bang was om jou hand uit te steek en die gesalfde van die HERE te vernietig nie?” ¹⁵ Dawid roep toe een van die jong

***1:6 Gilboa:** 1 Sam 28:4; 31:1,8

^b**1:7 Ek is ... diens:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “hier is ek”.

^c**1:9 is ... my:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “alles steeds is my lewe in my”.

^d**1:10 diadeem:** Kosbare, versierde voorhoofband as aanduiding van koninklike gesag.

***1:11** 2 Sam 1:2

^e**1:13 vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

***1:14** 1 Sam 24:7; 26:9

manne en sê: “Kom hier! Val hom aan!”

Hy het toe die man neergevel, en hy het gesterf. ¹⁶ *Dawid het nog vir die Amalekiet gesê:^f “Jou bloed is op jou kop,^g want jou eie mond het teen jou getuig toe jy gesê het, ‘Ek het self die gesalfde van die HERE doodgemaak.’ ”

Dawid se treurlied oor Saul en Jonatan

¹⁷ Daarna het Dawid hierdie treurlied gesing oor Saul en sy seun Jonatan. ¹⁸ Hy het die nageslag van Juda aangesê om dit, Die Booglied,^h te leer. Kyk, dit staan geskryf in die *Boekrol van Jasjar*.ⁱ

¹⁹ “Die uitnemendste,^j o Israel,
lê deurboor op jou offerhoogtes.^k
Hoe het die helde geval!

²⁰ “Maak dit nie in Gat* bekend nie,*
versprei die nuus
nie in die strate van Askelon* nie;

***1:16** Jos 2:19; 1 Kon 2:37; Matt 27:24-25; Hand 18:5-6

^f**1:16** Dawid ... Amalekiet gesê: Die bronteks lui “en Dawid het vir hom gesê”.

^g**1:16** Jou ... kop: Dit dui daarop dat die persoon self verantwoordelik is vir sy dood, en dat sy familie nie sy dood mag wreek nie.

^h**1:18** Die Booglied: Die bronteks lui “Boog”.

ⁱ**1:18** Boekrol van Jasjar: Die naam kan ook vertaal word “Boekrol van die Opregte”.

^j**1:19** uitnemendste: Kan ook vertaal word “gasel”.

^k**1:19** offerhoogtes: Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

***1:20** Gat: Jos 11:22; 13:3; 1 Sam 5:8; 17:4

***1:20** Maak ... bekend nie: Miga 1:10

***1:20** Askelon: Jos 13:3; Am 1:8

anders verheug
die dogters van die Filistyne hulle,
anders jubel
die dogters van die onbesnedenes.*

²¹ “Berge by Gilboa,*
mag daar geen dou,
geen reën op julle val nie,
mag daar nie landerye wees
wat wydingsgeskenke¹ lewer nie.
Want daar is die skilde van helde besoedel,
die skild van Saul,
sonder dat dit gesalf is met olie.*

²² “Vir die bloed van gesneuweldes,
vir die vet van helde,
het die boog van Jonatan*
nooit teruggedeins nie;
die swaard van Saul
het nooit leeg teruggekeer nie.

²³ “Saul en Jonatan,
geliefd en innemend,
is in lewe en dood nie geskei nie.

***1:20 dogters van die Filistyne ... onbesnedenes:** Rig 14:3

***1:21 Berge by Gilboa:** 2 Sam 1:6

¹**1:21 wydingsgeskenke:** Dit verwys hier na graan.

***1:21 skild ... olie:** Jes 21:5

***1:22 boog van Jonatan:** 1 Sam 18:4

Hulle was vinniger as arende,*
sterker as leeus.

²⁴ “Dogters van Israel, huil oor Saul,
hy wat julle in karmosynrooi geklee,
met juwele versier het,
wat julle klere met goue juwele getooi het.

²⁵ “Hoe het die helde geval
midde in die stryd!
Jonatan is op jou offerhoogtes deurboor.

²⁶ *Ek is terneergedruk oor jou,
Jonatan, my broer.
Jy was baie dierbaar vir my.
Wonderlik was jou liefde vir my,
nog meer as die liefde van vroue.

²⁷ “Hoe het die helde geval,
en is die oorlogswapens verloor!”

2

Dawid koning van Juda

¹ *Daarna het Dawid die HERE geraadpleeg: “Moet ek optrek na een van die stede van Juda?” Die HERE het vir hom gesê: “Trek op!” Toe vra Dawid: “Waarheen moet ek optrek?” Hy het geantwoord: “Na Hebron.*”

* **1:23 vinniger as arende:** Jer 4:13; Klaagl 4:19; Hab 1:8

* **1:26** 1 Sam 18:1-3

* **2:1** 1 Sam 22:10; 2 Sam 5:19,23; 21:1

* **2:1 Hebron:** 2 Sam 2:11; vgl Gen 13:18

²*Dawid en ook sy twee vroue, Aginoam van Jisreël en Abigajil, die weduwee van Nabal^m van Karmel, het daarheen opgetrek. ³*En wat sy manne by hom betref, Dawid het hulle laat optrek, elkeen met sy huisgesin; en hulle het in die dorpies by Hebron gaan bly.

⁴Die manne van Juda het gekom en Dawid daar as koning gesalf oor die huis van Juda.* Hulle het Dawid ingelig en gesê: “Dit is die manne van Jabes in Gilead wat vir Saul begrawe het.”* ⁵Dawid het toe boodskappers na die manne van Jabes in Gilead gestuur en hulle laat weet: “Mag julle deur die HERE geseën word, omdat julle hierdie trou bewys het aan julle heer, aan Saul, en hom begrawe het. ⁶Mag die HERE dan nou aan julle guns en trou betoon. Ook ek sal julle beloon vir hierdie daad wat julle gedoen het. ⁷Skep nou moedⁿ en wees dapper, al is julle heer Saul dood. Net nog dit: Hulle, die huis van Juda, het my gesalf as koning oor hulle.”

⁸Abner,* seun van Ner, die aanvoerder van die leër van Saul, het egter Saul se seun Is-Boset^o geneem en hom na Maganajim laat oorgaan.^p ⁹Hy

***2:2** 1 Sam 25:39-43

^m**2:2 weduwee van Nabal:** Letterlik ‘vrou van Nabal’. Nabal was reeds oorlede.

***2:3** 1 Sam 27:2-3

***2:4 manne ... huis van Juda:** 2 Sam 5:5

***2:4 Dit ... begrawe het:** 1 Sam 31:11-13

ⁿ**2:7 Skep nou moed:** Die Hebreuse idioom kan vertaal word as “Laat julle hande dan nou sterk wees”.

***2:8 Abner:** 1 Sam 14:50

^o**2:8 Is-Boset:** Sy naam was Is-Baäl; vgl 1 Kron 8:33; 9:39. Is-Baäl beteken ‘Man van Baäl’. Uit afkeer van die afgod Baäl is die naam hier verander na Is-Boset wat ‘Man van Skande’ beteken.

^p**2:8 na Maganajim ... oorgaan:** Die naam Maganajim beteken ‘twee leërmagte’ of ‘twee kampe’. Die plek lê oos van die Jordaanrivier; vgl Gen 32:2.

het hom koning gemaak oor Gilead, die Asuriete^q en Jisreël, en ook oor Efraim en Benjamin — oor die hele Israel. ¹⁰ Saul se seun Is-Boset was veertig jaar oud toe hy koning geword het oor Israel, en hy het twee jaar regeer. Net die huis van Juda het Dawid gesteun. ¹¹ *Dawid was in Hebron koning oor die huis van Juda vir 'n tydperk van sewe jaar en ses maande.

Burgeroorlog

¹² Abner, seun van Ner, en die volgelinge van Saul se seun Is-Boset het van Maganajim af uitgetrek na Gibeon.* ¹³ Joab, seun van Seruja,* en die volgelinge van Dawid het ook uitgetrek en hulle by die dam by Gibeon* teengekom. Die een groep het aan die een kant van die dam gaan sit en die ander groep aan die ander kant van die dam.

¹⁴ “Laat die jong manne bietjie opstaan en voor ons kragte meet,” sê Abner toe vir Joab; waarop Joab antwoord: “Laat hulle opstaan.”

¹⁵ Hulle het opgestaan en is in die verbykom afgetel: twaalf vir Benjamin — dit was vir Saul se seun Is-Boset — en twaalf van Dawid se volgelinge.

¹⁶ Elkeen het sy teenstander aan die kop beetgekry en sy swaard in die ander se sy gesteek. Saam het hulle geval. Daarom word daardie plek wat by Gibeon is, die veld van Hassurim^f genoem.

¹⁷ Die geveg was daardie dag besonder straf, maar Abner en die manne

^q**2:9 die Asuriete:** Dit verwys waarskynlik na die stamgebied van Aser.

***2:11** 2 Sam 5:5; 1 Kon 2:11

***2:12 Gibeon:** Jos 10:1-15

***2:13 Joab ... Seruja:** 1 Sam 26:6; 2 Sam 8:16

***2:13 dam by Gibeon:** Jer 41:12

^f**2:16 Hassurim:** Die naam beteken ‘vuurklippe’. Omdat daar klaarblyklik geen verband is tussen die naam en die gebeure nie, wysig sommige vertalings die woord na “ribbebeen”.

van Israel is verslaan deur die volgelinge van Dawid.

¹⁸ *Seruja se drie seuns, Joab, Abisai en Asael, was ook daar. Asael was so vlug van voet soos een van die gaselle in die veld. ¹⁹ Asael is agter Abner aan. Hy het nie links of regs afgewyk in sy agtervolging van Abner nie. ²⁰ Abner het omgekyk en gevra: “Is dit jy, Asael?” Hy sê toe: “Dit is ek!” ²¹ Abner sê toe vir hom: “Draai links of regs weg, en pak een van die jong manne! Vat vir jou sy wapenrusting!” Maar Asael wou nie van agter hom wegdraai nie.

²² Abner sê toe weer vir Asael: “Gee pad hier agter my! Waarom moet ek jou platslaan? Hoe sal ek dan jou broer Joab in die oë kan kyk?”

²³ *Maar hy het geweier om weg te draai. Toe steek Abner hom met die agterkant van die vegspies in die maag, sodat die vegspies by sy rug uitkom. Hy het net daar geval en op die plek gesterf. Daarna het almal wat aangekom het by die plek waar hy geval en gesterf het, gaan staan.

²⁴ Maar Joab en Abisai het Abner agternagesit. Toe die son besig was om onder te gaan, kom hulle by die Amma-heuwel, wat oos van Giag lê, op pad na die woestyn^s van Gibeon. ²⁵ Die manne van Benjamin het in een groep agter Abner stelling ingeneem. Hulle het op die top van 'n heuwel gaan staan. ²⁶ Abner roep toe na Joab. Hy het gesê: “Moet die swaard dan vir altyd verteer? Besef jy nie dat dit uiteindelik net bitterheid bring nie? Gaan jy dan nooit vir die manskappe sê om die agtervolging van hulle broers te staak nie?” ²⁷ Joab antwoord toe: “So waar as God leef, as jy nie gepraat het nie, sou die manskappe almal eers teen die môre teruggeval het van die gejaag agter hulle broers aan.”

*2:18 2 Sam 2:13

*2:23 2 Sam 3:27

^s2:24 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

²⁸ Joab het daarna op die ramshoring geblaas, en al die manskappe het gaan staan. Hulle het nie meer die Israëliete agtervolg nie, en ook nie verder geveg nie. ²⁹ Abner en sy manne het daardie hele nag deur die Jordaanvallei^t getrek. Hulle het die Jordaan oorgesteek, die hele voormiddag^u getrek en in Maganajim^v aangekom.

³⁰ Joab het teruggekeer van sy agtervolging van Abner en al die manskappe byeengebring. Van die volgelingen van Dawid het negentien man en Asael ontbreek. ³¹ Maar die volgelingen van Dawid het onder die Benjaminiete 'n slagting aangerig: Van die manne van Abner was driehonderd-en-sestig dood. ³² Hulle het Asael gedra en hom in sy pa se grafkelder wat by Betlehem^{*} is, neergelê. Joab en sy manne het daarna die hele nag getrek, en toe dit lig word, was hulle in Hebron.^{*}

3

Dawid en Abner

¹ Daar was 'n uitgerekte stryd tussen die huis van Saul en die huis van Dawid. Dawid het al hoe sterker geword en die huis van Saul al hoe swakker.

² ^{**}Vir Dawid is daar seuns gebore in Hebron. Sy eersgeborene was Amnon,^{*} by Aginoam, die vrou uit Jisreël; ³ die tweede was Kilab, by

^t**2:29 Jordaanvallei:** Dit verwys na die Jordaanvallei tussen die meer van Galilea en die Dooie See. Die •bronteks lui “die •Araba”.

^u**2:29 hele voormiddag:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Sommige vertalings lui “hele Bitron”.

^v**2:29 Maganajim:** Vgl voetnoot in 2 Sam 2:8

^{*}**2:32 pa ... Betlehem:** 1 Sam 1:16; 1 Kron 2:13,15-16

^{*}**2:32 Hebron:** 2 Sam 2:1,11

^{*}**3:2-5** 1 Kron 3:1-4

^{*}**3:2-3** 1 Sam 25:42-43

^{*}**3:2 Amnon:** 2 Sam 13:1-33

Abigajil, die weduwee van Nabal^w van Karmel; die derde was Absalom,^{*} die seun van Maäka, die dogter van Talmai, die koning van Gesur;^x ⁴ die vierde was Adonia,^{*} die seun van Gaggit; die vyfde was Sefatja, die seun van Abital; ⁵ die sesde was Jitream, by Dawid se vrou Eglä. Hierdie seuns is vir Dawid in Hebron gebore.

⁶ Terwyl die stryd tussen die huis van Saul en die huis van Dawid voortgeduur het, het Abner^{*} sy posisie in die huis van Saul versterk.

⁷ Saul het 'n byvrou gehad met die naam Rispa,^{*} dogter van Aja. Is-Boset^y sê toe vir Abner: “Waarom het jy by my pa se byvrou ingegaan?”

⁸ Abner was baie kwaad oor die woorde van Is-Boset. Hy sê toe: “Is ek dan 'n hond^z wat aan Juda behoort? Vandag nog bewys ek trou aan die huis van Saul, jou pa, aan sy familie en sy vriende. Ek het jou nie in die hand van Dawid laat beland nie, en jy roep my vandag tot verantwoording oor 'n misstap met hierdie vrou! ⁹ Mag God my, Abner, swaar straf^a as ek nie vir Dawid presies doen wat die HERE hom met 'n eed beloof het nie^{*} — ¹⁰ om die koningskap van die huis van Saul af na

^w**3:3 weduwee van Nabal:** Letterlik ‘vrou van Nabal’. Nabal was reeds oorlede.

^{*}**3:3 Absalom:** 1 Sam 13:1 — 19:10

^x**3:3 Gesur:** 'n Klein Aramese staat oos van die see van Galilea en die boloop van die Jordaan.

^{*}**3:4 Adonia:** 1 Kon 1:5-10,41-53; 2:13-25

^{*}**3:6 Abner:** 1 Sam 14:50

^{*}**3:7 Rispa:** 2 Sam 21:8-14

^y**3:7 Is-Boset:** Sy naam was Is-Baäl; vgl 1 Kron 8:33; 9:39. Is-Baäl beteken ‘Man van Baäl’. Uit afkeer van die afgod Baäl is die naam in 2 Sam 2:8 verander na Is-Boset wat ‘Man van Skande’ beteken.

^z**3:8 hond:** Die Hebreëuse idioom vir 'n veragtelike persoon lui “hond se kop”.

^a**3:9 Mag ... straf:** In Hebreëus is dit 'n vaste uitdrukking wat vertaal kan word as “So sal God aan Abner doen en so sal Hy byvoeg”.

^{*}**3:9 wat ... nie:** 1 Sam 15:28; 2 Sam 5:2

hom te laat oorgaan, en om die troon van Dawid oor Israel en Juda te vestig van Dan tot Berseba.”¹¹ Is-Boset kon Abner nie met 'n verdere woord antwoord nie, want hy was bang vir hom.

¹² Abner het daarna boodskappers na Dawid gestuur om namens hom te vra, “Aan wie behoort die land eintlik?”, en ook om te sê: “Sluit 'n ooreenkoms met my; kyk, dan sal ek met jou saamwerk^b om die hele Israel na jou oor te haal.”¹³ “Dis goed,” het Dawid gesê. “Ek sal self met jou 'n ooreenkoms sluit. Daar is egter een saak wat ek van jou vra: Jy kry my nie te sien nie, tensy jy Mikal, die dogter van Saul,^{*} saambring wanneer jy kom om my te sien.”

¹⁴ Dawid het toe boodskappers na Is-Boset, Saul se seun, gestuur om vir hom te sê: “Oorhandig my vrou, Mikal, wat ek met honderd voorhuide van Filistyne^{*} vir my as verloofde verkry het.”^{*}¹⁵ Is-Boset het haar laat haal by haar man, by Paltiël,^c seun van Lajis.¹⁶ Haar man het saam met haar geloop, al huilende agter haar aan tot by Bagurim.^{*} Toe sê Abner vir hom, “Gaan terug!”, en hy het teruggegaan.

¹⁷ Die boodskap van Abner aan die oudstes van Israel was: “Vir 'n geruime tyd al wou julle Dawid as koning oor julle hê.¹⁸ Tree dan nou op, want die HERE het aan Dawid gesê, ‘Deur die hand van my dienskneg Dawid sal Ek my volk Israel verlos^d uit die hand van die Filistyne en uit die hand van al hulle vyande.’ ”

^b**3:12 sal ... saamwerk:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “my hand sal by jou wees”.

^{*}**3:13 Mikal ... Saul:** 1 Sam 14:49; 18:20; 25:44

^{*}**3:14 100 ... Filistyne:** Vgl 1 Sam 18

^{*}**3:14 Oorhandig ... verkry het:** 1 Sam 18:25,27

^c**3:15 Paltiël:** In 1 Sam 25:44 word hy Palti genoem.

^{*}**3:16 Bagurim:** 2 Sam 16:5; 17:18

^d**3:18 sal Ek ... verlos:** Die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “sal hy ... verlos”.

¹⁹* Abner het ook persoonlik met die mense van Benjamin onderhandel. Daarna het hy self gegaan om aan Dawid in Hebron alles oor te dra wat vir die Israeliete en vir die hele huis van Benjamin aanvaarbaar is. ²⁰ Abner het by Dawid in Hebron aangekom met twintig man by hom. Dawid het vir Abner en die manne wat by hom was, 'n feesmaal voorberei. ²¹ Abner sê toe vir Dawid: “Ek wil gereedmaak en gaan; ek wil die hele Israel by my heer die koning byeenbring, sodat hulle met u 'n ooreenkoms kan sluit,* en sodat u oor alles wat u hart begeer, kan regeer.”

Dawid het Abner weggestuur en hy het in vrede vertrek.

Abner se dood

²² Juis toe het Joab* en die volgelinge van Dawid teruggekom van 'n strooptog af. Hulle het baie buit met hulle saamgebring. Abner was toe nie meer by Dawid in Hebron nie, want Dawid het hom weggestuur, en hy het in vrede vertrek.

²³ Toe Joab en die hele leer wat by hom was, daar aankom, het die mense vir Joab vertel: “Abner, seun van Ner, het na die koning toe gekom, maar die koning het hom laat gaan, en hy is in vrede hier weg.”

²⁴ Joab gaan toe na die koning en sê: “Wat het jy gedoen? Abner het sowaar na jou toe gekom; waarom het jy hom dan laat gaan? Hy het nou weggekom. ²⁵ Jy ken Abner, seun van Ner: Dit is om jou om die bos te lei dat hy gekom het, om te wete te kom wat jou bewegings is^e en om uit te vind wat jy alles doen.”

²⁶ Joab het van Dawid af vertrek en boodskappers agter Abner aan

***3:19** Vgl 2 Sam 2:4,8-9

***3:21 sodat hulle ... sluit:** 2 Sam 3:12-13

***3:22 Joab:** 1 Sam 26:6; 2 Sam 2:12-32

^e**3:25 wat jou ... is:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “jou uitgaan en jou ingaan”. Dit verwys gewoonlik na militêre operasies.

gestuur. Hulle het hom van die put by Sira af teruggebring. Dawid het dit egter nie geweet nie. ²⁷ Toe Abner na Hebron terugkeer, het Joab hom eenkant toe geneem in die stadspoort om vertroulik met hom te praat. Daar het hy hom in die maag gestee. Hy het gesterf oor die bloed van Asael, Joab se broer.*

²⁸ Toe Dawid agterna daarvan hoor, het hy gesê: “Ek en my koninkryk is by die HERE vir altyd onskuldig aan die bloed van Abner, seun van Ner. ²⁹ *Mag dit neerkom op die kop van Joab en sy pa se hele familie. Mag daar in Joab se familie nooit iemand ontbreek wat 'n afskeiding^f of 'n velsiekte^g het, of 'n man wat 'n spinspoel vashou,^h of deur die swaard val, of broodgebrek ly nie.” ³⁰ *Joab en sy broer Abisai* het Abner immers om die lewe gebring omdat hy hulle broer Asael doodgemaak het in die geveg by Gibeon.

³¹ Dawid het vir Joab en al die manskappe wat by hom was, gesê: “Skeur julle klere, trek rouklereⁱ aan en weeklaag voor Abner uit.” Koning Dawid het agter die draagbaar geloop. ³² Toe hulle Abner in Hebron begrawe het, het die koning hardop gehuil by Abner se graf. Al

***3:27 Daar ... broer:** 2 Sam 2:23

***3:29** 1 Kon 2:5,32-33

^f**3:29 'n afskeiding:** Dit verwys na die voortdurende afskeiding van vloeistof uit die geslagsorgaan, meestal veroorsaak deur gonorree. Dit het mens •onrein gemaak; vgl Lev 15:2.

^g**3:29 velsiekte:** Enige aantasting van die vel waaruit liggaamsvog kon kom. Dit het die persoon •onrein gemaak; vgl Lev 13:1-44.

^h**3:29 spinspoel vashou:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit kan verwys na 'n werk wat nie geassosieer word met 'n soldaat nie; of mans wat heeltemal gebreklik is. Die Septuagint lui “wat op stokke steun”.

***3:30** 2 Sam 2:23

***3:30 Abisai:** 1 Sam 26:6; 2 Sam 2:18

ⁱ**3:31 rouklere:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

die manskappe het ook gehuil. ³³ Die koning het 'n klaaglied gesing* vir Abner. Hy het gesê:

“Moes Abner die dood
van 'n dwaas sterf?

³⁴ Jou hande —
dit was nie vasgebind nie;
en jou voete —
naby bronskettings
het dit nie gekom nie.
Soos een wat voor skurke val,
het jy geval.”

Toe het al die manskappe nog meer oor hom gehuil.

³⁵ *Al die manskappe het gekom om vir Dawid brood aan te bied terwyl dit nog dag was. Maar Dawid het 'n eed afgelê: “Mag God my swaar straf as ek aan brood of enigiets proe voordat die son ondergaan!” ³⁶ Al die manskappe het daarvan kennis geneem en dit goedgevind. Alles wat die koning gedoen het, het al die manskappe se goedkeuring weggedra.

³⁷ Al die manskappe en die hele Israel het daardie dag besef dat dit nie 'n opdrag^j van die koning was om Abner, seun van Ner, dood te maak nie. ³⁸ Die koning het vir sy dienaars gesê: “Besef julle nie dat 'n

***3:33 koning ... gesing:** Vgl 2 Sam 1:17

***3:35** 2 Sam 12:17

^j**3:37 'n opdrag:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

aanvoerder en groot man op hierdie dag in Israel geval het nie? ³⁹ Maar ek is vandag magteloos, alhoewel ek die gesalfde koning is. Hierdie manne, die seuns van Seruja,* is te sterk vir my.* Mag die HERE die een wat kwaad doen, vergeld volgens die kwaad wat hy doen.**”

4

Is-Boset se dood

¹ Toe Saul se seun, Is-Boset,^k hoor dat Abner gesterf het* in Hebron, het hy moed verloor.¹ Die hele Israel was angsbevange. ² Twee manne, die aanvoerders van roofbendes, was by Saul se seun. Die een se naam was Baäna en die ander een se naam was Rekab. Hulle was seuns van Rimmon, 'n man van Beërot, een van die Benjaminiete.

Ja, ook Beërot word as deel van Benjamin gereken. ³ Die mense van Beërot^m het na Gittajim gevlug. Daar is hulle vreemdelingeⁿ tot vandag toe.

⁴ Saul se seun Jonatan het 'n seun gehad met misvormde voete. Hy was vyf jaar oud toe die tyding oor Saul en Jonatan* hulle uit Jisreël bereik

***3:39 seuns van Seruja:** 2 Sam 2:18

***3:39 Maar ... my:** 2 Sam 6:10; 19:22

***3:39 Mag ... hy doen:** Ps 28:4; 2 Tim 4:14

^k**4:1 Is-Boset:** Sy naam was Is-Baäl; vgl 1 Kron 8:33; 9:39. Is-Baäl beteken ‘Man van Baäl’. Uit afkeer van die afgod Baäl is die naam in 2 Sam 2:8 verander na Is-Boset wat ‘Man van Skande’ beteken.

***4:1 Abner gesterf het:** 2 Sam 3:27

¹**4:1 het hy ... verloor:** Die Hebreuse idioom kan vertaal word as “sy hande het slap geword”.

^m**4:3 mense van Beërot:** Dit verwys na die oorspronklike inwoners van die dorp.

ⁿ**4:3 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

***4:4 tyding ... Jonatan:** 2 Sam 1:4

het. Sy oppasser het hom opgetel en gevlug, maar in haar haas om weg te kom, het die seuntjie geval en kreupel geword. Sy naam was Mefiboset.^o

⁵ Rekab en Baäna, die seuns van Rimmon uit Beërot, het geloop en op die hitte van die dag by Is-Boset se huis aangekom. Hy was juis besig om sy middagslapie te geniet. ⁶ Daar het hulle die huis binnegegaan — gewoonlik het hulle koring gaan haal — en hom in die maag gestee.

Rekab en Baäna, sy broer, het verbygeglip ⁷ en die huis binnegegaan^p terwyl Is-Boset in sy slaapkamer op sy bed gelê het. Hulle het hom gestee en doodgemaak, sy kop afgekap en dit saamgevat. Hulle het die hele nag met die pad van die Jordaanvallei^q langs geloop ⁸ en Is-Boset se kop vir Dawid in Hebron gebring. Hulle het vir die koning gesê: “Hier is die kop van Is-Boset, die seun van Saul, u vyand wat u lewe gesoek het.* Die HERE het op hierdie dag vir my heer die koning wraak geneem op Saul en sy nageslag.”

⁹ Dawid het Rekab en sy broer Baäna, die seuns van Rimmon uit Beërot, geantwoord en vir hulle gesê: “So waar as die HERE leef, Hy wat my lewe uit alle nood gered het* — ¹⁰ *die een wat vir my 'n berig gebring het, ‘Kyk, Saul is dood!’, terwyl hy gedink het hy bring goeie nuus, het ek gegryp en hom om die lewe gebring by Siklag, hom aan

^o**4:4 Mefiboset:** In 1 Kron 8:34 en 9:40 word hy Meribbaäl genoem. Vgl 2 Sam 2:8 vir die verandering van die naam Is-Boset met die element -baäl na -boset.

^p**4:6-7 en hom ... binnegegaan:** Die •bronteks is moontlik verkeerd oorgelewer. Die •Septuagint lui “en kyk, die deurwagter van die huis was besig om koring te sif, maar hy het vaak geword en aan die slaap geraak; en Rekab en Baäna, sy broer, het by die huis ingeglip”.

^q**4:7 Jordaanvallei:** Dit verwys na die Jordaanvallei tussen die meer van Galilea en die Dooie See. Die bronteks lui “die •Araba”.

* **4:8 Saul ... gesoek het:** 1 Sam 19:2,10-11; 23:15

* **4:9 So ... gered het:** 1 Sam 17:37; 26:4; 2 Sam 22:3; 1 Kon 1:29

* **4:10** 2 Sam 1:2,4,15

wie ek eintlik die loon van 'n boodskapper moes gee. ¹¹ Hoeveel te meer sal ek, wanneer goddelose manne 'n regverdige man in sy huis op sy bed vermoor, nie nou sy bloed van julle hande eis* en julle van die aarde af verdelg nie?”

¹² Dawid het die jong manne opdrag gegee, en hulle het hulle om die lewe gebring. Hulle het hulle hande en voete afgekap en hulle by die dam by Hebron opgehang.^r Is-Boset se kop het hulle geneem en dit in Abner se grafkelder by Hebron* gesit.

5

Dawid koning oor die hele Israel

¹ *Al die stamme van Israel het na Dawid in Hebron* gekom en gesê: “Hier is ons — ons is u bloedfamilie.^s ² Selfs in die verlede, toe Saul oor ons koning was, was u die een wat Israel se veldtogte gelei het.* Die HERE het vir u gesê, ‘Jy sal herder wees van my volk Israel, en jy sal 'n heerser^t word oor Israel.’* ”

³ Toe al die oudstes van Israel na die koning in Hebron gekom het, het koning Dawid voor die HERE 'n verbond met hulle gesluit in Hebron; en

* 4:11 sy bloed ... eis: Gen 9:5-6

^r4:12 opgehang: 'n Paal is skerp gemaak en van onder af in die longe ingeslaan. Die paal is dan regop geplant en so is die persoon “opgehang”.

* 4:12 Abner ... Hebron: 2 Sam 3:32

* 5:1-3 1 Kron 11:1-3

* 5:1 Hebron: 2 Sam 2:1,11; vgl Gen 13:18

^s5:1 u bloedfamilie: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “u been en vlees”.

* 5:2 Selfs ... gelei het: 1 Sam 18:5,12-14

^t5:2 heerser: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is; vgl 1 Sam 9:16.

* 5:2 Jy sal herder ... Israel: Ps 78:70-71; Matt 2:6

hulle het Dawid as koning gesalf oor Israel. ⁴ Dawid was dertig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het veertig jaar lank regeer. ⁵ *In Hebron was hy koning oor Juda vir sewe jaar en ses maande, en in Jerusalem was hy koning oor die hele Israel^u en Juda vir drie-en-dertig jaar.

Inname van Jerusalem

⁶ *Die koning en sy manne het na Jerusalem gegaan, na die Jebusiete wat in dié gebied gewoon het.* Die Jebusiete het vir Dawid gesê: “Jy sal nie hier inkom nie! Selfs blindes en kreupeles sal jou afweer deur te sê, ‘Dawid sal hier nie inkom nie!’ ” ⁷ *En tog het Dawid die Sionsvesting, dit is nou die Stad van Dawid,* ingeneem. ⁸ Dawid het daardie dag gesê: “Elkeen wat die Jebusiete wil verslaan, moet deur die watertunnel kruip om die kreupeles en blindes by te kom, hulle wat veragtelik is vir Dawid.” Daarom word daar gesê: “'n Blinde en 'n kreupele mag nie die huis^v binnekom nie.”

⁹ *Dawid het in die vesting gaan woon en dit die Stad van Dawid^w

*5:5 2 Sam 2:11; 1 Kon 2:11; 1 Kron 29:26-27

^u5:5 **hele Israel:** Dit verwys hier na die gebied in die noorde; vgl 2 Sam 2:9.

*5:6-7 1 Kron 11:4-5

*5:6 **Jebusiete wat ... gewoon het:** Jos 15:63; Rig 1:21

*5:7 2 Sam 5:9

*5:7 **Stad van Dawid** 1 Kon 2:10; 8:1

^v5:8 **die huis:** Dit verwys na die tempel.

*5:9-10 1 Kron 11:7-9

^w5:9 **Stad van Dawid:** Dit verwys in Luk 2:4,11 na Dawid se tuisdorp (1 Sam 17:12,58; 20:6) en roep ook die profesie van Miga 5:2 na vore. In die Ou Testament verwys “Stad van Dawid” na die Sionsvesting van die Jebusiete wat deur Dawid verower is (2 Sam 5:7,9).

genoem. Dawid het rondom bouwerke opgerig, van die terrasse^x af na binne. ¹⁰ Dawid het al hoe sterker geword. Die HERE, die God wat Heerser is oor alle magte, was met hom.

¹¹ *Hiram, die koning van Tirus,* het gesante na Dawid gestuur, asook sederhout, skrynwerkers en vakmanne van klipmure. Hulle het vir Dawid 'n paleis gebou. ¹² Dawid het besef dat die HERE hom as koning oor Israel gevestig het en dat die HERE sy koningskap aansien gegee het ter wille van sy volk Israel.

¹³ Dawid het nog byvroue en vroue uit Jerusalem geneem nadat hy uit Hebron daar aangekom het. Daar is toe vir Dawid nog seuns en dogters gebore. ¹⁴ *Dit is die name van die kinders wat vir hom in Jerusalem gebore is:

Sammua,^y Sobab, Natan* en Salomo;

¹⁵ Jibgar, Elisua, Nefeg en Jafia;

¹⁶ Elisama, Eljada en Elifelet.

Stryd teen die Filistyne

¹⁷ Toe die Filistyne hoor dat Dawid as koning oor Israel gesalf is, het al die Filistyne opgetrek om Dawid te soek; maar Dawid het daarvan te hore gekom en afgegaan na die bergvesting.^z ¹⁸ Die Filistyne het gegaan

^x**5:9 die terrasse:** Letterlik ‘opvulling’. Dit verwys waarskynlik na die sisteem van terrasse aan die oostekant van die Stad van Dawid. Sommige vertalings gee dit weer as 'n pleknaam, “die Millo”.

^{*}**5:11-25** 1 Kron 14:1-16

^{*}**5:11 Hiram ... Tirus:** 1 Kon 5:1

^{*}**5:14-15** 1 Kron 3:5-8

^y**5:14 Sammua:** Die naam word in 1 Kron 3:5 in die •bronteks anders gespeel.

^{*}**5:14 Natan:** Luk 3:31

^z**5:17 afgegaan ... bergvesting:** Dit verwys na die bergvesting by Adullam naby Betlehem; vgl 1 Sam 22:1 en 2 Sam 23:14.

en die vallei van Refaïm beset. ¹⁹* Dawid het die HERE geraadpleeg: “Moet ek teen die Filistyne optrek? Sal U hulle in my hand gee?” Die HERE het Dawid geantwoord: “Trek op, want Ek sal beslis die Filistyne in jou hand gee.”

²⁰ Dawid het in Baäl-Perasim aangekom en hulle daar verslaan. Dawid het gesê: “Soos water deurbreek, het die HERE deur my vyande voor my gebreek.” Daarom het hy daardie plek Baäl-Perasim^a genoem. ²¹ Die Filistyne het hulle afgode daar agtergelaat, en Dawid en sy manne het dit saamgeneem.

²² Die Filistyne trek toe weer op en beset die vallei van Refaïm. ²³ Toe Dawid die HERE raadpleeg, het Hy gesê: “Moenie van voor teen hulle optrek nie; trek agter hulle om en val hulle aan voor die balsempopuliere.^b ²⁴ Sodra jy die geluid van 'n opmars* in die toppe van die balsempopuliere hoor, moet jy toeslaan; want dan gaan die HERE voor jou uit om die leër van die Filistyne te verslaan.”

²⁵ Dawid het gemaak presies soos die HERE hom beveel het, en hy het die Filistyne verslaan van Geba af tot by Geser.

6

Oorbring van die ark na Jerusalem

¹ Dawid het weer al die uitgesoekte manne in Israel byeengebring, dertigduisend^c van hulle. ²* Dawid en al die manskappe wat by hom

*5:19 1 Sam 22:10; 2 Sam 2:1; 5:23; 21:1

^a5:20 Baäl-Perasim: Die naam beteken ‘die Heer van deurbreking’s’.

^b5:23 balsempopuliere: Daar is onsekerheid oor die identifikasie van die bome. Dit is bekend dat die blare van balsempopuliere, selfs in ligte wind, 'n harde geruis maak.

*5:24 geluid ... opmars: 2 Kon 7:6

^c6:1 30 000: Kan ook vertaal word “dertig afdelings”.

*6:2-11 1 Kron 13:6-14

was, het toe gereedgemaak en na Baäla in Juda^d vertrek om daarvandaan die ark van God te bring,* die ark waaroor die Naam uitgeroep is, die Naam van die HERE, Heerser oor alle magte, wat troon op die gerubs.^{e*} ³ Hulle het die ark van God op 'n nuwe wa gelaai, nadat hulle dit uit die huis van Abinadab, wat op die heuwel is, gedra het. Ussa en Agjo, seuns van Abinadab, het die nuwe wa begelei, ⁴ met die ark van God daarop.^f Agjo het voor die ark geloop.

⁵ Dawid en die hele huis van Israel was uitbundig voor die HERE met die klank van allerlei instrumente van sipreshout, en met liere,^g harpe,^h tamboeryne, sistrums en simbale. ⁶ Toe hulle by die dorsvloer van Nakon kom, het Ussa sy hand uitgesteek na die ark van God en dit vasgegryp,* want die osse het gestruikel.ⁱ ⁷ Die HERE het kwaad geword

^d**6:2 na ... Juda:** In aansluiting by 1 Kron 13:6 word een van die •Qumran-geskrifte hier gedeeltelik gevolg. Die •bronteks lui “vanaf die burgers van Juda”. Baäla was 'n ander naam vir Kirjat-Jearim; vgl 1 Sam 6:21 — 7:2.

***6:2 Baäla ... bring:** 1 Sam 6:21 — 7:2

^e**6:2 gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

***6:2 die ark waaroor ... gerubs:** Eks 5:22; 1 Sam 4:4

^f**6:4 met ... daarop:** In die bronteks word die woorde van 2 Sam 6:3 aan die begin van 2 Sam 6:4 herhaal, naamlik “nadat hulle dit uit die huis van Abinadab, wat op die heuwel is, gedra het.” Hierdie woorde kom nie in die •Septuagint en een van die •Qumran-geskrifte voor nie; vgl ook 1 Kron 13:7.

^g**6:5 liere:** Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

^h**6:5 harpe:** Driehoekige snaarinstrument met 'n klankbord.

***6:6 hand ... vasgegryp:** Num 4:15; 1 Sam 6:19

ⁱ**6:6 die osse het gestruikel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Ander vertaalmoontlikhede is “die osse wou dit laat val” of “die osse het losgeruk”.

vir Ussa, en God het hom net daar getref oor dié oneerbiedigheid.^j Hy het daar by die ark van God gesterf.

⁸ Dawid was ontsteld daaroor dat die HERE Ussa stukkend gebreek het, en hy het daardie plek Peres-Ussa^k genoem. Dit is die naam tot vandag toe. ⁹ Dawid het daardie dag bang geword vir die HERE, en hy het gesê: “Hoe kan die ark van die HERE na my toe kom?” ¹⁰ Dawid wou toe nie die ark van die HERE na hom by die Stad van Dawid laat afdraai nie. Dawid het dit na die huis van Obed-Edom, 'n man uit Gat, laat wegdraai. ¹¹ Die ark van die HERE het drie maande lank in die huis van Obed-Edom, die man uit Gat, gebly. Die HERE het Obed-Edom en sy hele huishouding geseën.

^{12*} Aan koning Dawid is berig gebring: “Die HERE het die huis van Obed-Edom en alles wat aan hom behoort, geseën ter wille van die ark van God.” Dawid het toe gegaan en die ark van God met vreugde uit die huis van Obed-Edom na die Stad van Dawid geneem. ¹³ Wanneer die draers van die ark van die HERE ses treë gestap het, het hy 'n bul en 'n vetgemaakte kalf geoffer. ¹⁴ Dawid self het met volle oorgawe gedans voor die HERE. Dawid het 'n efod^l van linne aangehad, ¹⁵ en hy en die hele huis van Israel het met uitroep van vreugde en die geluid van ramshorings die ark van die HERE na die Stad van Dawid^m opgeneem.

¹⁶ Toe die ark van die HERE die Stad van Dawid binnekom, het Mikal,

^j**6:7 oneerbiedigheid:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Ander vertaalmoontlikhede is “nalatigheid” en “heiligs kennis”. Hierdie woord kom nie in die Septuagint voor nie.

^k**6:8 Peres-Ussa:** Die naam beteken ‘uitmekaar slaan van Ussa’.

^{*}**6:12-19** 1 Kron 5:25 — 16:3

^l**6:14 efod:** Dit was 'n soort voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

^m**6:15 na ... Dawid:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

Saul se dogter, deur die venster afgekyk en koning Dawid gesien spring en dans voor die HERE. Sy het hom in haar hart verag.

¹⁷ Hulle het die ark van die HERE ingebring en dit op sy plek neergesit binne-in die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het. Toe het Dawid brandoffers en maaltydoffers voor die HERE gebring. ¹⁸ Toe Dawid die brandoffers en maaltydoffers klaar gebring het, het hy die volk geseën* in die Naam van die HERE, Heerser oor alle magte. ¹⁹ Hy het aan die hele volk, die hele menigte van Israel, aan man en vrou, aan elkeen, 'n ringbrood,ⁿ 'n dadelkoek en 'n rosynekoek uitgedeel. Daarna is die hele volk, elkeen van hulle, terug na sy huis.

²⁰ Toe Dawid teruggaan om sy huisgesin te seën, het Mikal, die dogter van Saul, Dawid buite tegemoetgegaan en gesê: “Hoe eerbaar het die koning van Israel hom vandag nie gedra nie! Dat hy hom vandag voor die oë van die slavinne van sy amptenare ontbloot het soos enige leeglêer hom sou ontbloot!”* ²¹ Dawid het vir Mikal gesê: “Dit was voor die HERE, wat my gekies het bo jou pa en sy hele familie, deur my aan te stel as heerser^o oor die volk van die HERE, oor Israel.* Ek sal voor die HERE uitbundig wees, ²² al verneder ek my nog verder. Ek mag laag daal in jou oë,^p maar by die slavinne waarvan jy gepraat het, by hulle wil ek graag geëer wees.” ²³ En Mikal, die dogter van Saul, het tot die dag van haar dood nie 'n kind gehad nie.

* **6:18 het hy ... geseën:** 1 Kon 8:14,55

ⁿ**6:19 ringbrood:** Ringbrode is aan stokke gehang om dit te stoor.

* **6:20 Hoe ... ontbloot:** 2 Sam 6:1,16

^o**6:21 heerser:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

* **6:21 die HERE, wat ... Israel:** 1 Sam 13:14; 15:28

^p**6:22 jou oë:** 'n Hebreeuse ms, die Septuagint en die •Oudlatynse vertaling word hier gevolg. Die bronteks lui “my oë”.

God se belofte aan Dawid

¹ *Toe die koning gevestig was in sy paleis,* en die HERE hom rus gegee het van al sy vyande* rondom hom, ² *het die koning vir Natan, die profeet, gesê: “Begryp tog, ek woon in 'n huis van sederhout, terwyl die ark van God in 'n tent* gehuisves word.” ³ Natan antwoord toe die koning: “Gaan doen alles wat u in gedagte het, want die HERE is met u.”

⁴ Maar daardie nag het die woord van die HERE tot Natan gekom:

⁵ *⁵ “Gaan sê vir my dienskneg, vir Dawid, ‘So sê die HERE: “Gaan jý vir My 'n huis bou om in te woon? ⁶ Ek het mos nie in 'n huis gewoon vanaf die dag dat Ek die Israeliete laat optrek het uit Egipte tot vandag toe nie. Ek het altyd rondgetrek in 'n tent en 'n •tabernakel.* ⁷ Het Ek ooit, oral waar Ek rondgetrek het onder al die Israeliete, met een van die stamme van Israel,^q wat Ek aangestel het om my volk Israel op te pas, die saak aangeroeer en gesê, ‘Waarom het julle nie vir My 'n huis van sederhout gebou nie?’ ” ⁸ Daarom, so moet jy sê vir my dienskneg, vir

*7:1 — 8:18 1 Kron 17:1 — 18:17

*7:1 sy paleis: 2 Sam 5:9,11

*7:1 rus ... vyande: 1 Kron 22:18

*7:2-13 Hand 7:46-47

*7:2 ark ... tent: 2 Sam 6:17; 1 Kron 16:1

*7:5-7 Hand 7:46

*7:6 tent ... tabernakel: Eks 26:1-14

^q7:7 een ... Israel: 1 Kron 17:6 lui “een van die rigters van Israel”. Daar is moontlik 'n skryffout in die •bronteks.

Dawid, ‘So sê die HERE, Heerser oor alle magte: “Ek is die Een wat jou uit die weiveld agter die kleinvee geneem het om 'n heerser^r te wees oor my volk Israel.*⁹ Ek was met jou oral waar jy gegaan het, en Ek het al jou vyande voor jou uitgeroei. Ek sal vir jou 'n groot naam maak soos die naam van die grotes wat op aarde is.¹⁰ Ek sal vir my volk, vir Israel, 'n plek aanwys; Ek sal hom plant, en hy sal op sy plek woon en nie weer beef van angs nie. Skurke sal hom nie meer verdruk soos vroeër nie,¹¹ soos van die dag af dat Ek rigters oor my volk Israel aangestel het.* En Ek sal jou rus gee van al jou vyande.

“ ‘ “Die HERE maak aan jou bekend dat Hy, die HERE, 'n huis^s vir jou sal oprig.¹² Wanneer jou dae vervul is en jy by jou voorvaders gaan rus, sal Ek jou nakomeling ná jou, hy wat uit jou liggaam sal voortkom, na vore laat tree, en Ek sal sy koningskap vestig.*¹³ Hy is die een wat vir my Naam 'n huis sal bou, en Ek sal sy koninklike troon vir altyd laat vasstaan.*¹⁴ Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees.^t Daarom, wanneer hy afdwaal, sal Ek hom straf met 'n stok wat manne gebruik en met houe wat mense toedien.¹⁵ Maar my troue liefde

^r7:8 heerser: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

*7:8 Ek ... Israel: 1 Sam 16:11

*7:9 1 Sam 18:14; 2 Sam 5:10

*7:10 Eks 15:17; 2 Kon 21:8; Ps 44:3; 80:9

*7:11 Ek rigters ... aangestel het: Rig 2:14-16; 1 Sam 12:9-11

^s7:11 'n huis: Dit verwys na 'n dinastie.

*7:12 jou nakomeling ... vestig: 1 Kon 8:20; Ps 132:11; Hand 2:29-30

*7:12-13 en Ek ... vasstaan: Luk 1:32-33

^t7:14 Ek sal ... seun wees: In Heb 1:5 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl 1 Kron 22:10; 28:6; Ps 2:7; 2 Kor 6:18.

sal nie van hom wyk nie, soos wat Ek dit aan Saul onttrek het wat Ek voor jou verwyder het.* ¹⁶ Jou huis en jou koningskap sal vir altyd bestendig wees voor My,^u jou troon sal vir altyd in stand bly.” ’ ”

¹⁷ *Ooreenkomstig al hierdie woorde en hierdie hele onthulling, presies so het Natan die boodskap aan Dawid oorgedra.

Dawid se gebed

¹⁸ Koning Dawid het toe ingegaan en voor die HERE gaan sit. Hy het gesê:

“Wie is ek, HERE, my Heer;
en wie is my huis
dat U my tot hier gebring het?*

¹⁹ En asof dit nie genoeg is
in u oë nie, HERE, my Heer,
het U ook oor die huis van u dienskneg
tot in die verre toekoms gepraat,
en dit as voorskrif vir mense,
HERE, my Heer.

²⁰ Maar wat kan Dawid verder vir U sê?
U ken self u dienskneg,
HERE, my Heer.

²¹ Ter wille van u belofte
en volgens u wil
het U hierdie hele groot saak so bewerk
dat dit aan u dienskneg

*7:15 Saul ... verwyder het: 1 Sam 15:23,28

^u7:16 voor My: Sommige Hebreeuse mss, die •Septuagint, die •Peshitta en •Oudlatynse vertaling word hier gevolg. Die bronteks lui “voor jou”.

*7:17 2 Sam 7:4

*7:18 Wie ... gebring het: 1 Sam 18:18; 1 Kron 29:14; vgl Gen 32:10; Eks 3:11

bekend kon word.

²² Daarom, U is groot,

HERE, my Heer;

ja, daar is niemand soos U nie.

Daar is geen God behalwe U nie,
soos wat^v ons met ons eie ore gehoor het.

²³ *En wie is soos u volk, soos Israel,

die enigste nasie op aarde

van wie dit geld

dat God gegaan het om hulle

vir Homself vry te koop as 'n volk

en om vir Homself naam te maak

deur aan hulle grootse

en wonderlike dade te doen,

en aan u land, ter wille van u volk

wat U vir U vrygekoop het

van Egipte, van die nasies

en die gode van Egipte?

²⁴ U het u volk Israel vir U as volk

gevestig vir altyd.

U, HERE, U het hulle God geword.

²⁵ HERE, God, doen dan nou

die woord gestand

wat U gespreek het

oor u dienskneg en sy huis, vir altyd;

doen wat U gesê het,

^v7:22 soos wat: Talle Hebreeuse mss en die •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “in alles wat”.

*7:23 Deut 4:32-38; 10:21

²⁶ sodat u Naam vir altyd groot kan wees
en mense sal sê,
'Die HERE, Heerser oor alle magte,
is God oor Israel.'

En wat die huis van u dienskneg,
Dawid, betref,
mag dit voor U in stand bly,

²⁷ want U, HERE,
Heerser oor alle magte,
God van Israel,
het u dienskneg dit laat hoor,^w
en gesê,

'n Huis sal Ek vir jou bou.'

Daarom het u dienskneg die moed^x
om hierdie gebed tot U te bid.

²⁸ En nou, HERE, my Heer, U is God,
en u woorde is betroubaar.

U het hierdie goeie belofte
aan u dienskneg gemaak;

²⁹ *wees dan nou bereid
om die huis van u dienskneg te seën,
sodat dit altyd voor U sal wees.

U, HERE, my Heer,
het dit immers self gesê,

^w**7:27 laat hoor:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as "aan u dienskneg se oor ontbloot".

^x**7:27 het u dienskneg die moed:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as "het u dienskneg sy hart gevind".

^{*}**7:29** 2 Sam 7:1,16; 22:51; Ps 89:28-29

en deur u seën
sal die huis van u dienskneg
altyd geseënd wees.”

8

Dawid se oorwinnings

¹ *Daarna het Dawid die Filistyne verslaan en hulle verneder; Dawid het Meteg-Amma^y uit die beheer van die Filistyne geneem.

² Hy het ook die Moabiete verslaan* en hulle met 'n maatlyn afgemeet terwyl hy hulle op die grond laat lê het: Hy het twee maatlyne afgemeet om te bepaal wie doodgemaak moet word, en een volle maatlyn om te bepaal wie moet bly lewe. Die Moabiete het Dawid se onderdane geword en moes belasting betaal.

³ Dawid het ook Hadad-Eser, seun van Regob, die koning van Soba,* verslaan toe dié gegaan het om sy beheer oor die gebied langs die Eufraatrivier^z te herstel. ⁴ Dawid het van hom eenduisend sewehonderd van die strydwapemanning en twintigduisend voetsoldate gevange geneem. Dawid het al die trekperde se hakskeensenings afgekap;* hy het net honderd van die trekperde laat oorbly. ⁵ *Die Arameërs van

* **8:1-18** 1 Kron 18:1-17

^y**8:1 Meteg-Amma:** Letterlik ‘die teuel van die voorarm’, of ‘die teuel van die el’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Dit is 'n pleknaam, of dit is 'n idiomatiese uitdrukking, waarvan die betekenis onbekend is.

* **8:2 Moabiete verslaan:** Num 24:17; vgl Gen 19:37

* **8:3 Soba:** 1 Sam 14:47; 2 Sam 10:6

^z**8:3 die Eufraatrivier:** Die bronteks lui “die rivier van”, maar die naam Eufraat staan in die kantlyn. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

* **8:4 hakskeensenings afgekap:** Vgl Jos 11:6

* **8:5** Ps 60:2

Damaskus het Hadad-Eser, die koning van Soba, te hulp gekom, maar Dawid het onder die Arameërs twee-en-twintigduisend man neergevel.

⁶ *Dawid het by die Arameërs van Damaskus wagposte geplaas. Die Arameërs het Dawid se onderdane geword en moes belasting betaal. Die HERE het Dawid te hulp gekom oral waar hy gegaan het.

⁷ *Dawid het die rondeskilde van goud wat die dienaars van Hadad-Eser by hulle gehad het, afgeneem en dit na Jerusalem gebring. ⁸ Uit Betag^a en Berotai, stede van Hadad-Eser, het koning Dawid besonder baie brons geneem. ⁹ Toe Toï, die koning van Hamat, hoor dat Dawid die hele leër van Hadad-Eser verslaan het, ¹⁰ het Toï sy seun Joram na koning Dawid gestuur om te vra hoe dit met hom gaan en om hom geluk te wens omdat hy teen Hadad-Eser oorlog gemaak en hom verslaan het, want Hadad-Eser was altyd in gevegte gewikkel met Toï. Joram het voorwerpe van silwer, goud en brons saamgebring.^b ¹¹ Ook dit het koning Dawid aan die HERE gewy; dit was saam met die silwer en goud wat hy gewy het, afkomstig van al die nasies wat hy onderwerp het* — ¹² van Aram,* Moab,* die Ammoniete,* die Filistyne* en die Amalekiete.* Daarby was ook van die buit van Hadad-Eser, seun van Regob, die koning van Soba.*

*8:6 1 Kon 11:24

*8:7 2 Kon 11:10

^a8:8 Betag: In 1 Kron 18:8 is die naam Tibgat.

^b8:10 saamgebring: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “in sy hand was daar”.

*8:10-11 silwer ... onderwerp het: 1 Kron 22:14-16

*8:12 Aram: 2 Sam 8:5

*8:12 Moab: 2 Sam 8:2

*8:12 Ammoniete: Gen 19:36,38; 2 Sam 12:26-31

*8:12 Filistyne: 2 Sam 5:17-25

*8:12 Amalekiete: 1 Sam 30:13-20

*8:12 Hadad-Eser ... Soba: 2 Sam 8:3

¹³ *So het Dawid naam gemaak. Toe hy teruggekeer het nadat hy die Edomiete^c verslaan het in die Soutvallei — agtienduisend van hulle —
¹⁴ het hy in Edom wagposte geplaas. In die hele gebied van die Edomiete het hy wagposte geplaas, en al die Edomiete het Dawid se onderdane geword. * Die HERE het Dawid te hulp gekom oral waar hy gegaan het.

Dawid se amptenare

¹⁵ Dawid het oor die hele Israel regeer, en hy het vir sy hele volk gedoen wat reg en billik is. ¹⁶ Joab, seun van Seruja, * was in bevel van die leër, en Josafat, seun van Agilud, * was die herout.^d ¹⁷ Sadok, seun van Agitub, * en Agimelek, seun van Abjatar, was priesters; Seraja was sekretaris, ¹⁸ en Benaja, seun van Jojada, * was oor die Kreti en Pleti.^e Dawid se seuns was priesters.^f

*8:13 2 Kon 14:7; Ps 60:2

^c8:13 die Edomiete: Sommige Hebreeuse mss, die •Septuagint en die •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “die Arameërs”; vgl egter 2 Sam 8:14 asook Ps 60:2.

*8:14 Edomiete het Dawid ... geword: Gen 27:29,40

*8:16 Joab ... Seruja: 1 Sam 26; 2 Sam 2:13

*8:16 Josafat ... Agilud: 1 Kon 4:3

^d8:16 herout: Doen alle aankondigings namens die koning, en dien as skakelbeampte tussen koning en volk.

*8:17 Sadok ... Agitub: 1 Kron 6:8,12; 24:6

*8:18 Benaja ... Jojada: 2 Sam 23:20-23; 1 Kon 4:4

^e8:18 Kreti en Pleti: Waarskynlik huursoldate wat deel was van Dawid se private leër. Die Kreti het vermoedelik van Kreta gekom, en die Pleti was vermoedelik Filistynse soldate.

^f8:18 Dawid ... priesters: Sommige vertalers wysig die teks op grond van 1 Kron 18:17. Ander beskou “priesters” in hierdie geval as 'n eretitel.

Dawid en Mefiboset

¹ Dawid het gevra: “Is daar nog enigiemand oor van die huis van Saul, sodat ek aan hom guns kan bewys ter wille van Jonatan?”^{*} ² Daar was 'n dienaar van Saul se huishouding met die naam Siba. Hulle het hom na Dawid ontbied. Die koning het vir hom gevra, “Is jy Siba?”, waarop hy geantwoord het: “Ek is u dienaar.” ³ Die koning vra toe: “Is daar nog enigiemand oor van die huis van Saul, sodat ek aan hom guns kan bewys, soos ek voor God beloof het?”⁸ Siba het die koning geantwoord: “Daar is nog 'n seun van Jonatan — hy het gebreklige voete.”^{*} ⁴ Die koning vra toe vir hom, “Waar is hy?”, waarop Siba toe vir die koning sê: “Hy is daar in die huis van Makir, seun van Ammiël, in Lo-Dabar.”

⁵ Koning Dawid het hom toe laat haal uit Lo-Dabar, uit die huis van Makir, seun van Ammiël. ⁶ Toe Mefiboset,^h seun van Jonatan, seun van Saul, by Dawid aankom, het hy neergeval met sy gesig teen die grond en diep neergebuig.ⁱ Dawid sê toe: “Mefiboset?” Waarop hy antwoord: “Hier is ek, u dienaar!” ⁷ Dawid het vir hom gesê: “Moenie bang wees nie, want ek sal beslis aan jou guns bewys ter wille van Jonatan, jou pa. Ek sal aan jou al die grond van Saul, jou voorvader, teruggee. Jy self sal gereeld aan my tafel brood eet.” ⁸ Hy het diep gebuig en gesê: “Wat is u

^{*}**9:1 Jonatan:** 1 Sam 14:49; 18:1-4

⁸**9:3 guns ... beloof het:** Die •bronteks lui “guns van God kan bewys”; vgl 1 Sam 20:14-17.

^{*}**9:3 Daar ... voete:** 2 Sam 4:4

^h**9:6 Mefiboset:** In 1 Kron 8:34 en 9:40 word hy Meribbaäl genoem. Vgl 2:8 vir die verandering van 'n naam met die element -baäl na -boset.

ⁱ**9:6 neergeval ... neergebuig:** Dit was 'n teken van eerbetoen. Die persoon het op sy knieë gaan staan en met sy hande vorentoe uitgestrek, met sy gesig teen die grond gebuig.

dienaar, dat u aan die dooie hond* wat ek is, aandag gee?”

⁹Die koning het Siba, die dienaar van Saul, ontbied en vir hom gesê: “Alles wat aan Saul en sy hele familie behoort het, gee ek aan die seun van jou heer. ¹⁰Jy moet vir hom die grond bewerk, jy en jou seuns en jou slawe. Jy moet die opbrengs^j inbring, sodat die seun van jou heer brood kan hê en hy dit kan eet. En die seun van jou heer, Mefiboset, sal gereeld brood eet aan my tafel.*” Siba het vyftien seuns en twintig slawe gehad.*

¹¹Siba het die koning geantwoord: “Ooreenkomstig alles wat my heer die koning sy dienaar beveel, presies so sal u dienaar optree.” Mefiboset het toe aan sy tafel^k geëet, soos een van die koning se seuns.

¹²Mefiboset het 'n jong seun gehad met die naam Miga.* Al die bewoners van Siba se huis was Mefiboset se dienaars. ¹³Mefiboset het in Jerusalem bly woon, want hy was 'n gereelde gas aan die koning se tafel. Hy was kreupel; albei sy voete was misvormd.^l

10

Oorlog teen die Ammoniete en Arameërs

¹*'n Tyd daarna het die koning van die Ammoniete* gesterf, en Ganun,

***9:8 dooie hond:** 1 Sam 24:15; 2 Sam 3:8; 16:9

^j**9:10 die opbrengs:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***9:10 brood eet ... tafel:** 2 Sam 19:28

***9:10 Siba ... gehad:** 2 Sam 19:17

^k**9:11 sy tafel:** 'n Hebreëuse ms word hier gevolg. Die bronteks lui “my tafel”. Die Septuagint lui “die tafel van Dawid”.

***9:12 Miga:** 1 Kron 8:34; 9:40

^l**9:13 was misvormd:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***10:1 — 11:1** 1 Kron 19:1 — 20:1

***10:1 koning ... Ammoniete:** 1 Sam 11:1; 12:12

sy seun, het in sy plek koning geword. ² Dawid het gesê: “Ek wil welwillendheid betoon teenoor Ganun, seun van Nagas, soos sy pa teenoor my welwillendheid betoon het.” Dawid het toe met sy amptenare vir hom 'n troosboodskap gestuur oor sy pa. Toe die amptenare van Dawid in die gebied van die Ammoniete aankom, ³ sê die hoë amptenare^m van die Ammoniete vir Ganun, hulle heer: “Eer Dawid, volgens u mening, u vader omdat hy mense na u stuur wat simpatie betuig? Is dit nie met die doel om inligting oor die stad in te win en dit te verken, net om dit dan te verwoes, dat Dawid sy amptenare na u gestuur het nie?”

⁴ Ganun het toe Dawid se amptenare gevat, die helfte van hulle baarde afgeskeer, die helfte van hulle klere tot op hulle sitvlakke afgesny, en hulle toe laat gaan. ⁵ Toe Dawid daaroor ingelig is, het hy mense gestuur om hulle te ontmoet, want die manne was verskriklik verneder. Die koning het gesê: “Bly in Jerigo* totdat julle baarde weer gegroei het, en kom dan terug.”

⁶ Toe die Ammoniete besef dat hulle hulleself veragtelik gemaakⁿ het by Dawid, het hulle 'n afvaardiging gestuur en Arameërs* van Bet-Regob* en Soba* gehuur — twintigduisend^o voetsoldate — en ook die

^m**10:3 hoë amptenare:** Die belangrikste verteenwoordigers van die koning.

***10:5 Jerigo:** Vgl Jos 6:15-21

ⁿ**10:6 veragtelik gemaak:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “hulle is stink gemaak”.

***10:6 Arameërs:** 2 Sam 8:6

***10:6 Bet-Regob:** Rig 18:28

***10:6 Soba:** 2 Sam 8:3

^o**10:6 20 000:** Kan ook vertaal word “twintig afdelings”.

koning van Maäka* met 'n duisend man en manne van Tob,^p twaalfduisend^q van hulle.

⁷ Dawid het daarvan te hore gekom en vir Joab* met die hele leër, die helde, gestuur. ⁸ Die Ammoniete het uitgetrek en hulle in gevegslinies opgestel by die ingang van die stadspoort. Die Arameërs van Soba en Regob en die manne van Tob en Maäka was in die veld op hulle eie.

⁹ Toe Joab sien dat die gevegslinie voor en agter hom is, het hy uit al die keurtroepe in Israel 'n keuse gemaak en hulle teenoor die Arameërs opgestel. ¹⁰ Die res van die manskappe het hy geplaas onder bevel van Abisai, sy broer,* en hulle teenoor die Ammoniete opgestel. ¹¹ Hy het gesê: “As die Arameërs vir my te sterk word, moet jy my te hulp kom, en as die Ammoniete vir jou te sterk word, sal ek gaan om jou te help. ¹² Wees vasberade, en laat ons dapper wees* ter wille van ons mense en die dorpe van ons God. Die HERE sal doen wat goed is in sy oë.”

¹³ Toe het Joab en die manskappe by hom nadergegaan vir die geveg teen die Arameërs, maar hulle het voor hom uit gevlug. ¹⁴ Toe die Ammoniete sien dat die Arameërs vlug, het ook hulle voor Abisai uit gevlug en die stad binnegegaan. Joab het toe teruggedraai van die Ammoniete af en in Jerusalem aangekom.

¹⁵ Toe die Arameërs sien dat hulle deur Israel verslaan is, het hulle hergroepeer. ¹⁶ Hadad-Eser het boodskappers gestuur en die Arameërs

***10:6 Maäka:** Jos 11:13

^p**10:6 manne van Tob:** Word ook vertaal 'n persoonsnaam. Tob was 'n Aramese gebied noordoos van die Jordaan.

^q**10:6 1 000 ... 12 000:** Kan ook vertaal word “een afdeling ... twaalf afdelings manne”.

***10:7 Joab:** 2 Sam 8:16

***10:10 Abisai, sy broer:** 1 Sam 26:6

***10:12 Wees ... wees:** Vgl Deut 31:6; Jos 1:6

wat anderkant die Rivier,^r was, laat optrek. Hulle het by Gelam aangekom met Sobak, die leëraanvoerder van Hadad-Eser,^{*} op die voerpunt.

¹⁷ Toe Dawid die berig kry, het hy die hele Israel byeengebring, die Jordaan oorgesteek en in Gelam aangekom. Die Arameërs het gevegslinies opgestel teenoor Dawid en teen hom geveg. ¹⁸ Maar die Arameërs het voor Israel op die vlug geslaan. Dawid het van die Arameërs sewehonderd trekperde en veertig afdelings^s van die strydwaabemanning doodgemaak. Sobak, Hadad-Eser se leëraanvoerder, het hy neergevel, en dié het daar gesterf. ¹⁹ Toe al die konings wat aan Hadad-Eser onderdanig was, sien dat hulle deur Israel verslaan is, het hulle met die Israeliete vrede gemaak en was aan hulle onderdanig.^{*} Die Arameërs was toe bang om die Ammoniete weer te help.

11

Dawid en Batseba

¹ ^{*}Teen die jaarwending,^t wanneer die konings op veldtogte uittrek, het Dawid vir Joab uitgestuur, en saam met hom sy amptenare en die hele Israel. Hulle het die Ammoniete vernietigend verslaan en Rabba beleër.^{*} Maar Dawid het in Jerusalem agtergebly.

^r**10:16 die Rivier:** Dit verwys na die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

^{*}**10:16 Hadad-Eser:** 2 Sam 8:3

^s**10:18 40 afdelings:** Kan ook vertaal word “veertigduisend”.

^{*}**10:19 Toe ... onderdanig:** Vgl 2 Sam 8:6

^{*}**11:1 1 Kron 20:1**

^t**11:1 jaarwending:** Dit verwys na die begin van die lente. Die graanoeste was dan pas ingesamel en kosvoorrade was beskikbaar vir 'n groot leër.

^{*}**11:1 Ammoniete ... beleër:** Gen 19:36,38; 2 Sam 12:26-31

² Op 'n keer het Dawid teen laatmiddag van sy bed af opgestaan en op die dak van die koninklike paleis* rondgestap. Hy sien toe van die dak af 'n vrou wat besig is om haar te was; die vrou was besonder mooi.*

³ Dawid stuur toe iemand om navraag te doen oor die vrou. Die man het gesê: “Is dit nie Batseba, die dogter van Eliam, die vrou van Urija, die Hetiet* nie?” ⁴ Dawid het boodskappers gestuur en haar laat haal. Sy het na hom gekom en hy het met haar gemeenskap gehad.* Sy was juis besig om haar te reinig van haar onreinheid.^u Sy het toe teruggegaan na haar huis. ⁵ Die vrou het swanger geword en iemand gestuur om Dawid daaroor in te lig. Sy het gesê: “Ek is swanger.”

⁶ Daarop stuur Dawid 'n boodskap na Joab:* “Stuur Urija, die Hetiet, na my.” Joab het Urija na Dawid gestuur. ⁷ Toe Urija by hom kom, vra Dawid hoe dit gaan met Joab en met die manskappe en met die oorlog.

⁸ Dawid sê toe vir Urija: “Gaan af na jou huis en was jou voete.” Toe Urija uit die paleis van die koning gaan, het 'n geskenk van die koning hom gevolg, ⁹ maar Urija het by die ingang na die koning se paleis, by al die dienaars van sy heer, gaan slaap. Hy het nie na sy huis afgegaan nie.

¹⁰ Toe Dawid ingelig is, “Urija het nie na sy huis afgegaan nie”, het hy vir Urija gevra: “Het jy nie pas van 'n reis af hier aangekom nie?

Waarom het jy nie na jou huis afgegaan nie?” ¹¹ Urija het Dawid geantwoord: “Die ark en Israel en Juda bly in tydelike skuilings,* en my heer Joab en die dienaars van my heer kamp in die oop veld; kan ek

* **11:2 dak ... paleis:** 1 Sam 9:25-26; Matt 24:17; Hand 10:9

* **11:2 vrou was ... mooi:** Vgl Matt 5:28

* **11:3 Urija, die Hetiet:** 1 Kron 11:41

* **11:4 met haar ... gehad:** Ps 51:2

^u**11:4 onreinheid:** Dit verwys na die tyd van menstruasie.

* **11:6 Joab:** 1 Sam 26:6; 2 Sam 8:16

* **11:11 ark ... skuilings:** 2 Sam 7:2,6

dan na my huis gaan om te eet en te drink en by my vrou te slaap? By u lewe, ja, so seker as wat u leef, sweer ek: So iets sal ek nie doen nie.”

¹² Daarop sê Dawid vir Urija: “Bly ook vandag nog hier, dan sal ek jou môre laat gaan.” Urija het toe daardie dag en ook die volgende dag^v in Jerusalem gebly. ¹³ Dawid het hom uitgenooi, en hy het by hom geëet en gedrink. Dawid het hom dronk gemaak, maar teen die aand het hy uitgegaan om op sy lêplek by die dienaars van sy heer te gaan slaap. Na sy huis het hy nie afgegaan nie.

¹⁴ In die oggend het Dawid vir Joab 'n brief geskryf en dit met Urija saamgestuur. ¹⁵ Hy het in die brief geskryf: “Sit Urija in die voorste linie van die hewigste geveg. Val dan terug agter hom, sodat hy neergevel word en sterf.” ¹⁶ Joab het, nadat hy die stad dopgehou het, Urija geplaas op die plek waar hy besef het daar bekwame verdedigers was. ¹⁷ Toe die manne van die stad uittrek en teen Joab veg, het van die manskappe, van Dawid se dienaars, geval. Ook Urija, die Hetiet, het gesterf.*

¹⁸ Joab het iemand gestuur wat Dawid moes inlig oor die hele verloop van die oorlog. ¹⁹ Hy het die boodskapper opdrag gegee: “Wanneer jy klaar die hele verloop van die oorlog aan die koning oorgedra het, ²⁰ en die woede van die koning dalk opvlam en hy vir jou sê, ‘Waarom het julle so na aan die stad gegaan om te veg? Het julle nie geweet dat hulle

^v**11:12 die volgende dag:** Sommige vertalings, waaronder die •Septuagint en die •Peshitta, vertaal hierdie woorde as die begin van 2 Sam 11:13.

***11:17 Urija ... gesterf:** 2 Sam 11:14

van die muur af sou skiet nie? ²¹ Wie het Abimelek, seun van Jerubbeset,^w neergevel? Was dit nie 'n vrou wat 'n boonste maalklip^x van die muur af op hom gegooi het, sodat hy in Tebes gesterf het nie?* Waarom het julle so na aan die muur gekom?', dan moet jy net sê, 'U dienaar, Urija, die Hetiet, is ook dood.' ”

²² Die boodskapper het gegaan, en toe hy daar aankom, het hy vir Dawid alles vertel waarvoor Joab hom gestuur het. ²³ Die boodskapper het vir Dawid gesê: “Omdat die manne die oorhand oor ons gekry het, het hulle na ons uitgekóm in die veld. Ons het hulle egter teruggedryf^y tot by die ingang na die stadspoort. ²⁴ Toe het die boogskutters bo van die muur af op u dienaars geskiet, en van die koning se dienaars is dood. Ook u dienaar, Urija, die Hetiet, is dood.” ²⁵ Dawid het vir die boodskapper gesê: “Jy moet vir Joab so sê, ‘Hierdie voorval moet jy nie as iets verkeerd beskou nie. Die swaard verteer immers nou so, en dan weer so. Verskerp jou stryd teen die stad en breek dit af.’ Praat hom so moed in.”

²⁶ Toe die vrou van Urija hoor dat Urija, haar man, dood is, het sy oor haar eggenoot gerou. ²⁷ Nadat die routyd verby was, het Dawid haar laat haal en in sy paleis ontvang. Sy het sy vrou geword en vir hom 'n seun in die wêreld gebring.

Maar dit wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die HERE.*

^w**11:21 Jerubbeset:** Dit is 'n vervorming van Gideon se naam Jerubbaäl; vgl Rig 6:32; 7:1; 9:1. Uit afkeer van die afgod Baäl is die naam verander; vgl ook 2 Sam 2:8.

^x**11:21 maalklip:** Een van twee ronde klipskywe, waarvan die onderste in die middel 'n pen gehad het, en die boonste 'n gat waarin die pen gepas het, en waardeur die graan bietjie vir bietjie gegooi kon word. Die boonste maalklip is dan in die rondte gedraai en die graan so tussen die twee klippe fyngemaal.

^{*}**11:21 Abimelek ... gesterf het nie:** Rig 9:50-54

^y**11:23 Ons ... teruggedryf:** Die •bronteks lui “Ons was teen hulle”.

^{*}**11:27 Maar ... HERE:** 2 Sam 12:9; Ps 51:6-7

12

Dawid se straf

¹ Die HERE het Natan na Dawid gestuur.* Toe hy by hom kom, het hy vir hom gesê: “Daar was twee mans in 'n sekere dorp. Die een was ryk en die ander was arm. ² Die ryk man het besonder baie kleinvee en beeste gehad, ³ en die arm man het niks behalwe een klein oilam gehad nie, wat hy gekoop het. Hy het haar aan die lewe gehou, en sy het by hom grootgeword saam met sy kinders. Sy het selfs van sy stukkie brood geëet, uit sy beker gedrink en op sy skoot geslaap. Sy was vir hom soos 'n dogter. ⁴ Toe daar 'n besoeker by die ryk man opdaag, was hy te jammer om van sy kleinvee of beeste te neem om vir die reisiger wat by hom opgedaag het, iets voor te berei. Hy neem toe die oilam van die arm man, en berei 'n ete voor vir die man wat by hom aangekom het.”

⁵ Dawid het verskriklik kwaad geword vir daardie man. Hy het vir Natan gesê: “So waar as die HERE leef, die man wat dit gedoen het, verdien die dood. ⁶ Die oilam moet hy viervoudig vergoed, omdat hy hierdie daad gedoen het en nie die arm man^z jammer gekry het nie.”

⁷ Toe sê Natan vir Dawid: “Jy is die man! So sê die HERE, die God van Israel, ‘Ek is die Een wat jou as koning gesalf het oor Israel,* en Ek is die Een wat jou gered het uit die hand van Saul. ⁸ Ek het vir jou die huis van jou heer gegee, en die vroue van jou heer in jou arms.^a Ek het vir jou die huis van Israel en Juda gegee. As dit te min was, sou Ek vir jou soveel

*12:1 Die ... gestuur: 2 Sam 7:2-17

^z12:6 die arm man: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*12:7 Ek is die Een wat jou as ... Israel: 1 Sam 16:13

^a12:8 in jou arms: Letterlik ‘teen jou bors’.

meer kon byvoeg. ⁹ Waarom het jy die woord van die HERE geminag* deur kwaad te doen in my oë? Urija, die Hetiet, het jy met die swaard neergevel. Sy vrou het jy vir jou as vrou geneem, en hom het jy deur die swaard van die Ammoniete vermoor.* ¹⁰ Daarom sal die swaard nooit van jou huis wyk nie, omdat jy My geminag het en die vrou van Urija, die Hetiet, geneem het om jou vrou te word.’

¹¹ “So sê die HERE, ‘Kyk, Ek gaan onheil teen jou verwek uit jou eie huis. Ek sal jou vroue voor jou oë neem en aan jou naaste gee. Hy sal openlik^b by jou vroue slaap. ¹² Omdat jy dit in die geheim gedoen het, sal Ek hierdie gebeure voor die hele Israel laat plaasvind en voor die volle son.’ ”

¹³ “Ek het gesondig teen die HERE,”* het Dawid vir Natan gesê, waarop Natan toe vir Dawid sê: “Die HERE self het jou sonde opsy geskuif.* Jy sal nie sterf nie; ¹⁴ maar omdat jy deur hierdie gebeure heeltemal oneerbiedig opgetree het teenoor die HERE,^c sal die kind wat vir jou gebore word, sonder twyfel sterf.” ¹⁵ Toe het Natan huis toe gegaan.

Die HERE het die kind wat die vrou van Urija vir Dawid in die wêreld gebring het,* getref, en hy het ernstig siek geword. ¹⁶ Dawid het by God gepleit vir die seuntjie. Dawid het streng gevas, hy het na binne gegaan

*12:9 die woord ... geminag: Num 15:30-31

*12:9 Urija ... vermoor: 2 Sam 11:15-27

*12:11 2 Sam 16:22

^b12:11 openlik: Die Hebreuse idioom kan vertaal word as “vir die oog van hierdie son”.

*12:13 Ek ... teen die HERE: Ps 51:6

*12:13 Die ... geskuif: Ps 32:1; Spr 28:13

^c12:14 oneerbiedig ... HERE: Die bronteks lui “teenoor die vyande van die HERE”. Dit is een van die doelbewuste veranderings deur die •Masorete om die uitspraak te versag.

*12:15 die kind ... gebring het: 2 Sam 11:27

en die nag deurgebring deur op die grond te lê.* ¹⁷ Die oudstes van sy huishouding het by hom gaan staan en probeer om hom van die grond af te laat opstaan, maar hy wou nie. Hy het nie saam met hulle iets geëet nie. ¹⁸ Op die sewende dag het die kind gesterf.* Die dienaars van Dawid was bang om vir hom te vertel dat die kind dood is, want hulle het gesê: “Kyk, terwyl die kind geleef het, het ons met hom gepraat, maar hy het nie na ons geluister nie. Hoe moet ons dan vir hom sê die kind is dood? Hy sal iets onverantwoordeliks doen.”

¹⁹ Maar Dawid het gemerk dat sy dienaars onder mekaar staan en fluister, en hy het besef dat die kind dood is. Dawid vra toe vir sy dienaars: “Is die kind dood?” Hulle het gesê: “Ja, hy is.”

²⁰ Dawid het toe van die grond af opgestaan,* hom gewas en gesalf en sy klere verwissel. Hy het in die huis van die HERE ingegaan en in aanbidding gebuig. Daarna het hy na sy huis gegaan. Op sy versoek het hulle vir hom kos voorgesit, en hy het geëet.

²¹ Sy dienaars het vir hom gevra: “Wat beteken dit wat u gedoen het? Ter wille van die kind wat nog geleef het, het u gevas en gehuil, maar toe die kind dood is, het u opgestaan en brood geëet.” ²² *Hy het geantwoord: “Terwyl die kind nog lewend was, het ek gevas en gehuil, want ek het gedink, wie weet, die HERE is my dalk genadig, sodat die kind bly leef.

²³ *Maar nou is hy dood. Waarom sou ek dan vas? Kan ek hom weer terugbring? Ek gaan na hom toe, maar hy sal na my nie terugkeer nie.”

²⁴ *Dawid het sy vrou, Batseba, getroos. Hy het na haar toe gegaan, by

*12:16 op ... lê: Vgl 2 Sam 13:31; Job 1:20

*12:18 het ... gesterf: 2 Sam 12:14

*12:20 van ... opgestaan: 2 Sam 2:16

*12:22 Vgl Jes 38:1-5

*12:23 Vgl Job 7:9-10

*12:24 1 Kron 3:5; 22:9; Matt 1:6

haar geslaap, en sy het vir hom 'n seun in die wêreld gebring. Hy het hom Salomo^d genoem. Die HERE was lief vir hom ²⁵ en het deur Natan, die profeet, 'n boodskap gestuur. Hy het hom Jedidja^e genoem op aandrang van die HERE.

Oorwinning oor die Ammoniete

²⁶ Intussen het Joab teen Rabba van die Ammoniete* geveg en die koninklike stad omsingel. ²⁷ Joab stuur toe boodskappers na Dawid en laat hom weet: “Ek het teen Rabba geveg en ook beheer geneem oor die watervoorsiening.^f ²⁸ Bring nou die res van die manskappe byeen, plaas die stad onder beleg en neem dit in; anders neem ek self die stad in, en dan word my naam daaroor uitgeroep.”

²⁹ Dawid het toe al die manskappe byeengebring, na Rabba gegaan, teen die stad geveg en dit ingeneem. ³⁰ *Hy het hulle koning se kroon van sy kop afgehaal. Die gewig daarvan was 'n kikar^g goud, en daar was edelstene op. Dit is op Dawid se kop geplaas. Hy het 'n besonder groot buit uit die stad weggevoer. ³¹ Die bevolking wat daarin was, het hy laat uitgaan, en hy het die stad onder klipsae, ysterpikke en ysterbyle laat deurloop.^h Hy het die mense by die steenvorms aan die werk gesit.ⁱ So het hy met al die dorpe van die Ammoniete gemaak. Toe het Dawid en

^d**12:24 Salomo:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam. Dit kan vertaal word “sy vrede” of “sy voorspoed” of “sy ongeskondenheid”. Dit druk moontlik die wens uit dat hierdie kind nie sal sterf soos die eerste een nie.

^e**12:25 Jedidja:** Die naam beteken ‘Geliefde van die HERE.’

***12:26 Ammoniete:** Gen 19:36,38; 2 Sam 11:1

^f**12:27 beheer ... watervoorsiening:** Letterlik ‘die waterdorp gevange geneem’.

***12:30-31** 1 Kron 20:2-3

^g**12:30 'n kikar:** Ongeveer 34,2 kg; •Geldeenhede.

^h**12:31 die stad ... deurloop:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks; vgl 1 Kron 20:3.

ⁱ**12:31 by ... gesit:** Letterlik ‘laat oorgaan in die steenvorms’.

al die manskappe teruggekeer na Jerusalem.

13

Amnon en Tamar

¹ Daarna het die volgende gebeur: Absalom, seun van Dawid, het 'n mooi suster gehad. Haar naam was Tamar, en Amnon, seun van Dawid,^j het op haar verlief geraak. ² Amnon was so terneergedruk, hy was skoon siek oor Tamar, sy suster. Sy was immers 'n maagd,^k en dit het vir hom onmoontlik gelyk om enigiets aan haar te doen.

³ Maar Amnon het 'n vriend gehad met die naam Jonadab, 'n seun van Samma,^l die broer van Dawid. Dié Jonadab was 'n baie uitgeslape man. ⁴ Hy het vir Amnon gevra: “Waarom lyk jy, seun van die koning, oggend ná oggend so ellendig? Wil jy my nie maar vertel nie?” Amnon sê toe vir hom: “Ag,^m dit is Tamar, die suster van my broer Absalom — ek is verlief!” ⁵ “Gaan lê op jou bed, en maak of jy siek is,” het Jonadab vir hom gesê. “Wanneer jou pa dan inkom om jou te sien, moet jy vir hom sê, ‘Laat Tamar, my suster, asseblief kom en my met kos versorg. Sy moet die voedsel voor my voorberei, sodat ek dit kan sien en uit haar hand kan eet.’ ”

⁶ Amnon het toe gaan lê en gemaak of hy siek is. Toe die koning kom om hom te sien, sê Amnon vir die koning: “Laat Tamar, my suster,

^j**13:1 Absalom ... Amnon, seun van Dawid:** Tamar was Absalom se eie suster en Amnon se halfsuster; vgl 1 Kron 3:1-2,9.

^k**13:2 Sy was ... maagd:** Die jongmeisies het in 'n deel van die paleis gewoon waar toegang vir mans verbode was.

^l**13:3 Samma:** In die •bronteks en sommige vertalings is die naam van Dawid se broer “Simea”; vgl egter 1 Sam 16:9; 17:13.

^m**13:4 Ag:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

asseblief kom en twee hartvormige koekies voor my voorberei, sodat ek dit uit haar hand kan eet.”

⁷ Dawid stuur toe 'n boodskap vir Tamar in die paleis: “Gaan asseblief na die huis van Amnon, jou broer, en berei vir hom voedsel voor.”

⁸ Tamar het toe na die huis van haar broer gegaan terwyl hy in die bed lê. Sy het die deeg geneem, dit geknie en hartvormige koekies voor hom voorberei, en die koekies gaargemaak. ⁹ Sy het die bakpan geneem en dit voor hom leeggemaak, maar hy het geweier om te eet. Amnon sê toe: “Kry almal uit hier by my!” Almal by hom het toe uitgegaan. ¹⁰ Toe sê Amnon vir Tamar: “Bring die voedsel na die slaapkamer, sodat ek dit uit jou hand kan eet.” Tamar het die hartvormige koekies wat sy voorberei het, geneem en dit vir Amnon, haar broer, in die slaapkamer gebring. ¹¹ Maar toe sy dit vir hom naderbring om te eet, gryp hy haar en sê: “Kom lê by my, my suster!” ¹² Maar sy het vir hom gesê:

“Asseblief nie, my broer! Moet my nie verkrag nie, want so iets mag nie in Israel gedoen word nie.* Moenie hierdie gruweldaad pleeg nie! ¹³ En ek, waarheen sal ek gaan met die bespotting wat ek dra? En jy, jy sal soos een van die dwase in Israel wees. Daarom, praat liewer met die koning, want hy sal my nie van jou weerhou nie.” ¹⁴ Maar hy wou nie na haar luister nie. Hy was sterker as sy, en het haar verkrag en met haar gemeenskap gehad. ¹⁵ Maar toe kry hy 'n baie groot weersin in haar; ja, die weersin wat hy in haar gekry het, was groter as die liefde waarmee hy haar liefgehad het. Amnon sê toe vir haar: “Staan op! Gaan weg!” ¹⁶ Sy het vir hom gesê: “Nee, my broer,ⁿ want hierdie groot onreg om my weg te stuur, is erger as dit wat jy my reeds aangedoen het.”

* **13:12 so iets ... word nie:** Lev 18:9; 20:17; Deut 7:22

* **13:13 hy ... weerhou nie:** Vgl Gen 20:12

ⁿ**13:16 Nee, my broer:** Die •Septuagint word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit kan vertaal word “Moenie die oorsaak van”.

Maar hy wou nie na haar luister nie. ¹⁷ Hy roep toe sy lyfbediende en sê: “Vat tog net hierdie vrou van my af weg buitentoe en sluit die deur agter haar.”

¹⁸ Sy het 'n lang rok met moue^o aangehad, want die dogters van die koning wat nog maagde was, het sulke boklere gedra. Nadat sy bediende haar buitentoe geneem en die deur agter haar gesluit het, ¹⁹ het Tamar as geneem en op haar kop^p gesit, en die lang rok met moue wat sy aangehad het, geskeur.* Sy het haar hand op haar kop gesit* en aangestap terwyl sy aanhou skreeu. ²⁰ Haar broer Absalom vra toe vir haar: “Was jou broer Amnon by jou? Bly nou maar stil, my suster; hy is jou broer. Moet jou nie oor hierdie gebeure kwel nie.^q” Tamar het in haar broer Absalom se huis gaan woon, 'n eensame vrou.

²¹ Toe koning Dawid hoor wat alles gebeur het, het hy briesend kwaad geword. ²² Absalom het met Amnon nie weer 'n woord, goed of sleg, gepraat nie.* Maar Absalom het Amnon gehaat omdat hy Tamar, sy suster, verkrag het.

²³ Twee jaar later was daar skeerders by Absalom in Baäl-Hasor, by Efraim.* Absalom het al die koning se seuns genooi. ²⁴ Absalom het by die koning aangekom en gesê: “Kyk, daar is skeerders by u dienaar. Die koning en sy amptenare moet asseblief saam met u dienaar gaan.”

^o**13:18 lang ... moue:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “kleurvolle rok”; vgl Gen 37:3.

^p**13:19 as op haar kop:** As teken van smart het mense as op hulle koppe gestrooi; vgl Est 4:1.

***13:19 lang ... geskeur:** Jos 7:6; 2 Sam 1:2,11; Matt 26:65

***13:19 hand ... gesit:** Jer 2:37

^q**13:20 Moet ... kwel nie:** Die bronteks lui “moenie jou hart op hierdie saak plaas nie”.

***13:22 'n woord ... gepraat nie:** Gen 24:50; 31:24

***13:23 Efraim:** 1 Sam 1:1; Joh 11:54

²⁵ Maar die koning het Absalom geantwoord: “Nee my seun; ons kan nie almal gaan nie, sodat ons nie 'n las op jou is nie.” Alhoewel Absalom by hom aangedring het, wou hy nie gaan nie en het hom seën toegewens.

²⁶ Absalom sê toe: “As u nie kan nie, laat my broer Amnon asseblief saam met ons gaan.” “Waarom moet hy dan saam met jou gaan?” het die koning gevra. ²⁷ Absalom het egter so by hom aangedring dat hy Amnon en al die koning se seuns saam met hom gestuur het.

²⁸ Absalom het vir sy jong manne opdrag gegee: “Let goed op; sodra Amnon se hart vrolik raak van die wyn, sal ek vir julle sê, ‘Val Amnon aan!’ Dan moet julle hom doodmaak; moenie bang wees nie. Dit is immers ek wat julle die opdrag gee. Wees vasberade en dapper!”

²⁹ Die jong manne van Absalom het toe met Amnon gemaak soos Absalom beveel het. Toe spring al die seuns van die koning op, klim elkeen op sy muil en vlug weg. ³⁰ Hulle was nog op pad, toe kom die berig by Dawid uit: “Absalom het al die koning se seuns neergevel! Daar het nie een van hulle oorgebly nie.” ³¹ Die koning het opgestaan, sy klere geskeur* en op die grond gaan lê.* Al sy dienaars het ook met geskeurde klere daar gestaan. ³² Maar Jonadab,* die seun van Dawid se broer Samma, het gesê: “My heer moet nie dink dat hulle al die jong manne, die seuns van die koning, doodgemaak het nie; slegs Amnon is dood; want van die dag af dat hy Tamar, sy suster, verkrag het, is dit al waaroor Absalom gepraat het.^r ³³ Daarom moet my heer die koning die saak nie ter harte neem en dink dat al die koning se seuns dood is nie. Net Amnon alleen is dood.”

* **13:31 klere geskeur:** Vgl 2 Sam 13:19

* **13:31 op ... lê:** 2 Sam 12:16

* **13:32 Jonadab:** 2 Sam 13:3

^r**13:32 is dit ... gepraat het:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “was dit op die mond van Absalom geplaas”.

³⁴ Absalom het intussen gevlug.^{s*} Toe die jong man wat moes waghou, opkyk, sien hy meteens 'n groot groep wat vanaf die pad agter hom, al langs die berg, aankom. ³⁵ Jonadab sê toe vir die koning: “Kyk, daar kom die koning se seuns — dit gebeur net soos u dienaar gesê het.”

³⁶ Net toe hy dit gesê het, kom die koning se seuns toe werklik daar aan! Hulle het hardop begin huil, en ook die koning en al sy amptenare het bitterlik gehuil.*

³⁷ Absalom het gevlug en na Talmi, seun van Ammigur, die koning van Gesur,^t gegaan. Dawid het die hele tyd oor sy seun gerou. ³⁸ Toe Absalom gevlug en na Gesur gegaan het, het hy drie jaar daar gebly.

³⁹ Koning Dawid het daarvan afgesien om teen Absalom uit te trek,^u want hy het berusting gevind oor Amnon — dat hy dood was.

14

Absalom se terugkeer

¹ Joab, seun van Seruja,* het besef dat die koning se gedagtes by Absalom* was. ² Joab stuur toe iemand na Tekoa* en laat kom

^s**13:34 Absalom ... gevlug:** In sommige vertalings is hierdie woorde deel van die voorafgaande direkte rede.

***13:34 Absalom ... gevlug:** 2 Sam 13:37-38

***13:36 Hulle ... gehuil:** Vgl 1 Sam 1:12

^t**13:37 Talmi ... Gesur:** Gesur was 'n Klein Aramese staat oos van die see van Galilea en die bloop van die Jordaan. Talmi was Absalom se oupa; vgl 2 Sam 3:3.

^u**13:39 Koning ... trek:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. In die lig van 14:1 volg sommige vertalings mss van die Septuagint en een van die •Qumran-geskrifte en vertaal dan as “die gees van Dawid het verlang om na Absalom te gaan”.

***14:1 Joab ... Seruja:** 1 Sam 26:6; 2 Sam 8:16

***14:1 Absalom:** 2 Sam 3:3; 1 Kron 3:2

***14:2 Tekoa:** 2 Kron 11:6; Neh 3:5; Am 1:1

daarvandaan 'n slim vrou. Hy het vir haar gesê: “Maak tog asof jy rou; trek rouklere aan en moet jou nie met olie invryf nie.* Gedra jou soos 'n vrou wat nou al baie lank treur oor 'n dooie.³ Gaan dan na die koning en stel hierdie saak aan hom.” Joab het haar toe voorgesê wat om te sê.

⁴ Die vrou uit Tekoa het dit toe vir die koning gaan sê. Sy het neergeval met haar gesig teen die grond, en toe diep neergebuig.^{v*} Sy het gesê: “Help tog, o koning!”⁵ Toe die koning vir haar vra “Wat wil jy hê?” het sy geantwoord: “Ag, ek is 'n weduwee. My man is dood.⁶ U slavin het twee seuns gehad. Hulle het in die veld aan die baklei geraak, en daar was niemand wat tussenbeide kon tree nie. Die een het die ander platgeslaan en hom doodgemaak.⁷ En sowaar, nou het die hele familiegroep teen u slavin opgestaan en sê, ‘Lewer die een uit wat sy broer doodgeslaan het, sodat ons hom kan doodmaak vir die lewe van sy broer wat hy vermoor het. Ons wil hom uitwis, ook al is dit die erfgenaam.’ Hulle gaan my enigste kooltjie vuur wat oorgebly het, uitdoof, en so vir my man geen naam of nakomeling laat oorbly op die aardbodem nie.”

⁸ Die koning sê toe vir die vrou: “Gaan maar huis toe; ek sal opdragte gee oor jou.”⁹ Maar die vrou uit Tekoa sê vir die koning: “Op my, my heer die koning, en op my naaste familie, gaan die skuld rus;* maar u en u troon gaan onskuldig wees.”¹⁰ Toe sê die koning: “Die man wat jou hieroor aanspreek, moet jy na my toe bring. Hy sal nie weer aan jou

*14:2 moet ... invryf nie: Dan 10:2-3

^v14:4 neergeval ... neergebuig: Dit was 'n teken van eerbetoon. Sy het op haar knieë gaan staan en met haar hande vorentoe uitgestrek, met haar gesig teen die grond gebuig.

*14:4 Sy ... neergebuig: 1 Sam 20:41; 2 Sam 1:2; 12:16

*14:9 Op ... rus: 2 Sam 5:24

raak nie.”¹¹ Daarop sê sy: “Die koning moet asseblief, met die aanroep van die Naam^w van die HERE u God die bloedwreker^x daarvan weerhou om nog meer vernietiging aan te rig, dat hulle nie my seun uitwis nie.” Toe sê hy: “So waar as die HERE leef, geen haar van jou seun sal op die grond val nie.*”

¹² “Mag u slavin asseblief 'n woord met my heer die koning praat?” het die vrou gevra, waarop hy toe antwoord: “Praat!”¹³ Toe sê die vrou: “Waarom het u dan so iets teen die volk van God beplan? Met hierdie uitspraak van die koning is hy aan 'n skuldige gelyk, aangesien die koning nie sy verstotene laat terugkeer nie.*¹⁴ Ja, ons moet beslis sterf, soos water wat uitgestort is op die grond en nie weer herwin kan word nie. God neem nie 'n lewe weg nie, maar Hy beraam planne, sodat die verstotene nie van Hom verstote moet wees nie.¹⁵ En nou, die rede waarom ek gekom het om hierdie saak aan my heer die koning voor te lê, is omdat die mense my bang gemaak het. U slavin het toe gedink, ek moet tog met die koning praat. Miskien voldoen die koning aan die versoek van sy dienaress;¹⁶ ja, die koning sal gehoor gee om sy dienaress te red uit die greep van die man wat daarop uit is om my en my seun saam uit te wis, weg van die eiendom van God.¹⁷ U slavin het ook gedink, die woord van my heer die koning sal tog vir my rus bring; want soos 'n boodskapper van God, so is my heer die koning,* deurdat hy die goeie en die slegte aanhoor. Die HERE u God, mag Hy met u wees.”

^w**14:11 aanroep ... Naam:** Dit is 'n beleefde versoek dat die koning voor God 'n eed moet aflê.

^x**14:11 bloedwreker:** Die naaste manlike familielid se plig om iemand wat onskuldig doodgemaak is, se dood te wreek deur die moordenaar om die lewe te bring; •Bloedskuld.

***14:11 geen ... val nie:** 1 Sam 14:45; Hand 27:34

***14:13 sy ... terugkeer nie:** 2 Sam 13:37-39

***14:17 want ... koning:** 1 Sam 29:9; 2 Sam 14:20; 19:27

¹⁸ Die koning reageer toe daarop en sê vir die vrou: “Moenie vir my enigiets wegsteek van wat ek vir jou gaan vra nie.” Die vrou het geantwoord: “My heer die koning moet asseblief praat.” ¹⁹ Toe vra die koning: “Is die hand van Joab saam met jou in hierdie hele saak?” Die vrou het geantwoord en gesê: “So waar as wat u leef, my heer die koning, niemand kan verskil van enigiets wat my heer die koning sê^y nie. Ja, u dienaar Joab, dit is hy wat my opdrag gegee het, en dit is hy wat al hierdie woorde aan u slavin voorgesê het*.” ²⁰ Om die saak te versluier, het u dienaar, Joab, hierdie ding gedoen. Maar my heer is so wys soos 'n engel van God om alles te weet wat in die land gebeur.”

²¹ Die koning sê toe vir Joab: “Nou maar goed, ek voldoen aan hierdie versoek. Gaan dan, bring die jong man Absalom terug.” ²² Joab het neergeval met sy gesig teen die grond, diep neergebuig* en die koning geprys. Hy het gesê: “Vandag weet ek, u dienaar, dat ek guns gevind het in u oë, my heer die koning, omdat die koning aan die versoek van u dienaar voldoen.”

²³ Joab het gereedgemaak en na Gesur* vertrek. Hy het Absalom na Jerusalem gebring. ²⁴ Die koning het egter gesê: “Hy moet na sy huis afdraai. My gesig mag hy nie sien^z nie.” Absalom het toe na sy huis afgedraai, maar die gesig van die koning het hy nie gesien nie.

²⁵ In die hele Israel was daar geen man wat so baie geprys is vir sy skoonheid soos Absalom nie. Van sy voetsool tot sy kroontjie^a was daar

^y**14:19 verskil ... sê:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “na regs of links wees van alles wat my heer die koning sê”.

***14:19 Joab ... voorgesê het:** 2 Sam 14:3

***14:22 neergeval ... neergebuig:** 2 Sam 14:4

***14:23 Gesur:** 2 Sam 13:37-38

^z**14:24 My ... sien:** ‘Om die gesig van die koning te sien’ beteken dat die koning oudiënsie aan so 'n persoon toestaan.

^a**14:25 kroontjie:** Letterlik ‘skedel’.

geen gebrek aan hom nie.²⁶ Wanneer hy sy hare geskeer het — aan die einde van elke jaar het hy dit geskeer; ja, wanneer dit te swaar geword het, moes hy dit skeer — dan het die hare van sy kop tweehonderd sikkel^b geweeg, volgens die koninklike gewigsmaat.^c ²⁷ *Vir Absalom is daar drie seuns en 'n dogter gebore. Haar naam was Tamar. Sy was 'n besonder mooi vrou.

²⁸ Absalom het twee jaar in Jerusalem gewoon, maar die gesig van die koning het hy nie gesien nie. * ²⁹ Absalom ontbied toe vir Joab om hom na die koning te stuur, maar hy het geweier om na hom te gaan. Hy het hom 'n tweede keer ontbied, maar Joab het steeds geweier om te gaan. ³⁰ Hy sê toe vir sy werkers: “Kyk, Joab se stuk land is langs myne. Hy het gars daarop. Gaan steek dit aan die brand.” Absalom se werkers het toe die stuk land aan die brand gestee. ³¹ Joab het opgestaan en toe hy by Absalom, by sy huis aankom, vra hy vir hom: “Waarom het jou werkers die stuk land wat aan my behoort, aan die brand gestee?” ³² Waarop Absalom vir Joab sê: “Kyk, ek het jou ontbied om vir jou te sê, ‘Kom hierheen, sodat ek jou na die koning kan stuur om te vra: ‘Waarom het ek van Gesur af gekom? Dit sou vir my beter gewees het as ek steeds daar was.’ ’ Ek wil nou voor die koning verskyn. As ek aan iets skuldig is, moet hy my maar doodmaak.” ³³ Joab het na die koning gegaan en dit aan hom oorgedra. Hy het Absalom toe ontbied. Toe hy by die koning kom, het hy diep voor hom gebuig, met sy gesig teen die grond, voor die koning. Die koning het Absalom toe gesoen.*

^b14:26 200 sikkel: Ongeveer 2,3 kg; •Geldeenhede.

^c14:26 koninklike gewigsmaat: Die koninklike gewigsmaat het verskil van die standaardgewig van die heiligdom; vgl Lev 5:15.

*14:27 Vgl 2 Sam 19:18

*14:28 die gesig ... gesien nie: 2 Sam 14:24

*14:33 Die koning ... gesoen: Vgl Gen 33:4; 45:15; Luk 15:20

Absalom se opstand

¹ *'n Ruk later het Absalom vir hom 'n strydwa en perde aangeskaf, en ook vyftig man wat voor hom uit hardloop. ² Absalom het altyd vroeg opgestaan, en dan het hy langs die pad by die stadspoort gaan staan. As daar enigiemand was wat 'n geskil gehad het waarmee hy na die koning gekom het vir 'n beslissing,^d het Absalom na hom geroep en vir hom gevra: “Van watter dorp af kom jy?” Wanneer hy dan antwoord: “U dienaar kom uit een van die stamme van Israel,” ³ sê Absalom vir hom: “Kyk, jou eise is goed en eenvoudig, maar iemand wat nie na jou luister nie, dit is wat jy by die koning gaan vind.” ⁴ Absalom het ook gesê: “Was ek maar aangestel as regter in die land! Dan kon elkeen wat 'n geskil of regspraak het, na my toe kom, en ek sou aan hom reg verskaf.” ⁵ Wanneer iemand dan naderkom om diep voor hom te buig, steek hy sy hand uit, gryp hom vas en soen hom. ⁶ Absalom het so opgetree teenoor al die Israëliete wat na die koning gekom het vir regspraak. Absalom het sodoende die harte van die manne van Israel gesteel.

⁷ Ná verloop van vier jaar^e het Absalom vir die koning gesê: “Ek wil graag gaan en my gelofte wat ek vir die HERE afgelê het, in Hebron nakom, ⁸ want terwyl ek in Gesur^f in Aram gewoon het, het u dienaar 'n

*15:1 1 Sam 8:11; 1 Kon 1:5

^d15:2 koning ... beslissing: Die koning was die hoogste regterlike gesag in die land.

^e15:7 4 jaar: Mss van die •Septuagint, die •Peshitta en die •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “veertig jaar”.

^f15:8 Gesur: 'n Klein Aramese staat oos van die see van Galilea en die bloop van die Jordaan; vgl 2 Sam 3:2-3; 13:37-38.

geloofte afgelê,* met dié woorde, ‘As die HERE my inderdaad na Jerusalem laat terugkeer, sal ek die HERE gaan dien.’ ”⁹ Die koning het vir hom gesê: “Gaan in vrede!” Hy het toe gereedgemaak en na Hebron gegaan.

¹⁰ Maar Absalom het geheime boodskappers in al die stamme van Israel rondgestuur met die opdrag: “Sodra julle die geluid van die ramshoring hoor, moet julle sê, ‘Absalom het koning geword in Hebron!’ ”*¹¹ Saam met Absalom het tweehonderd man uit Jerusalem vertrek, genooies wat in onskuld saamgegaan en van die hele saak niks geweet het nie. ¹² Verder het Absalom, terwyl hy die offers bring, vir Agitofel, die man uit Gilo,* 'n raadgewer van Dawid, uit sy tuisdorp Gilo ontbied. Die sameswering het sterk geword, en die mense by Absalom het al hoe meer geword.

Dawid op vlug

¹³ Daar het 'n nuusdraer by Dawid aangekom en gesê: “Die harte van die manne van Israel is by Absalom.”*¹⁴ Dawid sê toe vir al sy amptenare wat by hom in Jerusalem is: “Maak gereed en laat ons vlug, want 'n kans om voor Absalom* weg te kom, sal daar nie vir ons wees nie. Haas julle om te vertrek, anders kom hy skielik op ons af, bring onheil oor ons en verslaan die stad met die skerpte van die swaard.”

¹⁵ Die koning se amptenare het vir die koning gesê: “Hier is ons, u dienaars, om te voldoen aan alles wat my heer die koning begeer.”

¹⁶ Die koning het uit die stad getrek, en sy hele huishouding het in sy

*15:8 geloofte afgelê: Gen 28:20-21; 1 Sam 1:11

*15:10 Sodra ... Hebron: 1 Kon 1:34; 2 Kon 9:13

*15:12 Agitofel ... Gilo: 2 Sam 23:34; 1 Kron 27:33

*15:13 Die harte ... Absalom: Rig 9:3; 2 Sam 15:6

*15:14 vlug ... Absalom: 2 Sam 19:9; Ps 3

spore gevolg; maar die koning het tien byvroue agtergelaat* om die paleis op te pas. ¹⁷ Toe die koning en al die mense wat in sy spore volg, daar uittrek, het hulle by die laaste huis gaan staan, ¹⁸ terwyl al sy onderdane by hom verbygaan, al die Kreti en Pleti.^g Ook al die manne van Gat,* die seshonderd man wat hom uit Gat gevolg het, het voor die koning verbygaan. ¹⁹ Die koning sê toe vir Ittai, die man uit Gat:*
“Waarom gaan jy ook saam met my? Draai om en bly by die nuwe koning, want jy is 'n buitelandse, en boonop 'n balling uit jou woonplek. ²⁰ Jy het maar pas hier aangekom; en sou ek jou vandag laat rondswerf omdat jy saam met ons gaan? Ek moet gaan waar ek kan. Draai om, en laat jou mense omdraai. Mag guns en trou met jou wees.”

²¹ *Maar Ittai het die koning geantwoord en gesê: “So waar as die HERE leef en my heer die koning leef, op die plek waar my heer die koning is, of dit nou vir dood of vir lewe is, daar sal u dienaar beslis ook wees.”

²² Toe sê Dawid vir Ittai: “Gaan voort, trek verby!” Ittai, die man uit Gat, het toe verbygetrek, asook al sy manne en al die afhanklikes wat by hom was.

²³ Die hele landstreek het heeltyd hardop gehuil terwyl al die mense verbygaan. Toe die koning deur die Kidrondal* gaan, was al die mense ook besig om daar deur te trek op pad na die woestyn.^h ²⁴ Kyk, ook

* **15:16 10 ... agtergelaat:** 2 Sam 16:21-22

^g**15:18 Kreti en Pleti:** Dit was waarskynlik huursoldate wat deel was van Dawid se private leër. Die Kreti het vermoedelik van Kreta gekom, en die Pleti was vermoedelik Filistynse soldate.

* **15:18 Gat:** 1 Sam 5:8; 17:4

* **15:19 Ittai ... Gat:** 2 Sam 18:2

* **15:21** Rut 1:16-17

* **15:23 Kidrondal:** 1 Kon 2:37; 15:13; 2 Kon 23:6; vgl Joh 18:1

^h**15:23 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

Sadok* was daar, en al die Leviete saam met hom wat die verbondsark van God dra. Hulle het die ark van God neergesit, en Abjatar* het offers gebring totdat al die mense die trek uit die stad voltooi het.

²⁵ Die koning sê toe vir Sadok: “Neem die ark van God terug na die stad. As ek guns vind in die oë van die HERE, sal Hy my laat terugkeer en my weer die ark en sy staanplek laat sien. ²⁶ Maar as Hy sou sê, ‘Ek is nie tevrede met jou nie,’* wel, ek is gereed; Hy kan met my doen wat goed is in sy oë.” ²⁷ Die koning het verder vir Sadok, die priester, gesê: “Sal jy op die uitkyk bly?ⁱ Gaan in vrede terug na die stad, jy en jou seun Agimaäs, en Jonatan,* seun van Abjatar — julle twee se seuns moet by julle wees. ²⁸ Wees op die uitkyk. Ek sal by die deurgaanklekkie na die woestyn^j vertoef totdat daar van julle af berig kom om my op hoogte te bring.” ²⁹ Sadok en Abjatar het toe die ark van God teruggeneem na Jerusalem, en hulle het daar gebly.

³⁰ Terwyl Dawid teen die hang van die Olyfberg* opgaan, het hy gehuil en sy kop bedek.* Hy het kaalvoet geloop. Al die mense wat by hom was, elkeen van hulle, het ook hulle koppe bedek en het gehuil terwyl hulle teen die berg opgaan. ³¹ Dawid is meegedeel:^k “Agitofel is onder

***15:24 Sadok:** 2 Sam 8:17; 1 Kron 6:8,12; 24:6

***15:24 Abjatar:** 1 Sam 30:7; 2 Sam 8:17; 15:35; Mark 2:26

***15:26 Ek ... jou nie:** Vgl 1 Kon 10:9

ⁱ**15:27 Sal ... bly:** Word ook vertaal “Is jy 'n siener?”

***15:27 Agimaäs, en Jonatan:** 2 Sam 15:36; 17:17; 18:19

^j**15:28 deurgaanklekkie ... woestyn:** Die •Masoretiese leestradië en van die vertalings verskil oor hierdie woorde en lui “woestynvlaktes”.

***15:30 Olyfberg:** Sag 14:4; Matt 21:27; Luk 21:37; Joh 8:1; Hand 1:12

***15:30 sy kop bedek:** Vgl Est 6:12; Jer 14:3-4

^k**15:31 Dawid is meegedeel:** Een van die •Qumran-geskrifte, mss van die Septuagint, die Peshitta, die •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “Dawid het vertel”.

die samesweerders by Absalom.” Daarop sê Dawid: “Laat Agitofel se raad tog dwaasheid wees, HERE.”*

³² Toe Dawid by die kruin kom, waar mens voor God in aanbidding buig, kyk, daar kom Gusai, 'n man uit Erek,* hom tegemoet met sy bokleed geskeur en grond op sy kop. ³³ Dawid sê toe vir hom: “As jy saam met my oorgaan, sal jy vir my 'n las wees; ³⁴ maar as jy na die stad terugkeer en vir Absalom sê, ‘Ek is u dienaar, o koning; ek was voorheen die dienaar van u vader, maar nou is ek u dienaar,’* kan jy vir my die raad van Agitofel ondergrawe. ³⁵ *Is die priesters Sadok en Abjatar nie saam met jou daar nie? Elke berig wat jy kry uit die paleis van die koning, kan jy aan die priesters Sadok en Abjatar oordra. ³⁶ Kyk, daar by hulle is hulle twee seuns, Agimaäs van Sadok en Jonatan van Abjatar. Julle moet elke berig wat julle deur hulle kry, na my stuur.”

³⁷ Gusai, die vriend van Dawid, het toe by die stad aangekom, terwyl Absalom Jerusalem binnegaan.

16

¹ Dawid het nog net 'n entjie van die kruin van die berg* af weggetrek, toe kom Siba, die dienaar van Mefiboset,* hom skielik tegemoet met 'n span opgesaalde donkies, gelaai met tweehonderd brode, 'n honderd blokke saamgeperste rosyne, honderd somervrugte en 'n kruik wyn.

² Die koning vra toe vir Siba: “Wat wil jy hiermee doen?” Siba het geantwoord: “Die donkies is vir die koning se huisgesin om op te ry, die

*15:31 Laat ... HERE: 2 Sam 16:23; 17:14,23

*15:32 Gusai ... Erek: Jos 16:2; 1 Kron 27:33

*15:34 Ek is ... is ek u dienaar: 2 Sam 16:19

*15:35 2 Sam 17:15-16

*16:1 kruin ... berg: 1 Sam 15:30,32

*16:1 Siba ... Mefiboset: 2 Sam 4:4; 9:2-12

brood en die somervrugte is vir die dienaars om te eet, en die wyn is vir hulle wat in die woestyn¹ uitgeput raak, om te drink.”³ “En waar is die seun van jou heer?” vra die koning toe, waarop Siba die koning antwoord: “Kyk, hy het in Jerusalem gebly,^{*} want hy het gesê, ‘Vandag gee die huis van Israel die koningskap van my pa aan my terug.’”⁴ Toe sê die koning vir Siba: “Kyk, alles wat aan Mefiboset behoort, is nou joune.”^{*} Siba het gesê: “Ek buig in eerbied. Mag ek genade vind in u oë, my heer die koning.”

⁵ *Toe koning Dawid by Bagurim^{*} kom, kom daar skielik 'n man uit die dorp,^m 'n verlangse familielid van Saul; sy naam was Simeï, seun van Gera. Terwyl hy uitkom, skel hy⁶ en gooi klippe na Dawid en al die amptenare van koning Dawid, al was die mense en al die krygsmanne aan sy regter- en aan sy linkerkant.⁷ Dit is wat Simeï al skellend gesê het: “Uit hier! Uit hier, jou moordenaar, jou skobbejak!”⁸ Die HERE het al die bloedvergieting in die huis van Saul, in wie se plek jy koning geword het, op jou laat neerkom.^{*} Die HERE het die koningskap in die hand van jou seun Absalom gegee. En hier sit jy nou met jou eie teenspoed, omdat jy 'n moordenaar is.”

⁹ Abisai, seun van Seruja,^{*} sê toe vir die koning: “Waarom skel hierdie

¹**16:2 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^{*}**16:3 hy ... Jerusalem gebly:** 2 Sam 5:6-7; 9:13

^{*}**16:3 Vandag ... terug:** 2 Sam 19:26-28

^{*}**16:4 Kyk ... joune:** 2 Sam 19:29

^{*}**16:5-13** 2 Sam 19:18-20; 2 Kon 2:8

^{*}**16:5 Bagurim:** 2 Sam 3:16; 17:18

^m**16:5 uit die dorp:** Die •bronteks lui “van daar”.

^{*}**16:8 die bloedvergieting ... neerkom:** 2 Sam 1:16

^{*}**16:9 Abisai ... Seruja:** 1 Sam 6:6; 2 Sam 2:18

doeie hond* my heer die koning uit? Laat ek tog daarheen gaan en sy kop afkap.”¹⁰ Maar die koning het geantwoord: “Hoe moet ek julle verstaan, seuns van Seruja? Hy skel so omdat die HERE vir hom gesê het, ‘Skel Dawid uit!’ Wie kan dan sê, ‘Waarom maak jy so?’ ”¹¹ Dawid het vir Abisai en al sy dienaars gesê: “Kyk, my seun wat ek self verwek het, soek my lewe — hoeveel te meer dan nou hierdie Benjaminiet? Laat hom met rus; laat hom skel as die HERE dit vir hom gesê het.

¹² Miskien sien die HERE my traneⁿ raak en laat die HERE weer vir my die goeie terugkeer in die plek van Simeï se geskel op hierdie dag.”

¹³ Dawid en sy manne het padlangs gehou, en Simeï het naby hom al langs die rant gestap, terwyl hy loop en skel en klippe en los grond in sy rigting gooi.

¹⁴ Die koning en al die mense by hom het uitgeput by die Jordaan^o aangekom en daar asem geskep.

Agitofel en Gusai by Absalom

¹⁵ Absalom en al die manskappe, die manne van Israel, het intussen in Jerusalem aangekom.* Agitofel* was ook by hom. ¹⁶ Toe Gusai, die man uit Erek,* die vriend van Dawid, by Absalom kom, sê hy dadelik vir Absalom: “Lank lewe die koning! Lank lewe die koning!” ¹⁷ Maar Absalom het vir Gusai gevra: “Is dit nou jou trou teenoor jou vriend? Waarom het jy nie saam met jou vriend gegaan nie?” ¹⁸ Gusai het

***16:9 doeie hond:** 1 Sam 24:15; 2 Sam 3:8; 9:8

ⁿ**16:12 my trane:** Die •Masoretiese leestradië lui “my oë”. Sommige vertalings volg die •Septuagint wat lui “my ellende”.

^o**16:14 by die Jordaan:** Die Septuagint word hier gevolg. Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie.

***16:15 Absalom ... aangekom:** 2 Sam 15:37

***16:15 Agitofel:** 2 Sam 15:12

***16:16 Gusai ... Erek:** 2 Sam 15:32

Absalom geantwoord: “Nee, want die een wat deur die HERE, en hierdie manskappe en al die manne van Israel gekies is, aan hom behoort ek en by hom sal ek bly. ¹⁹ Boonop: Wie moet ek dan dien? Is dit nie sy seun nie? Soos ek in die teenwoordigheid van u vader gedien het, so sal ek voor u dien.*”

²⁰ Toe sê Absalom vir Agitofel: “Gee julle nou raad. Wat moet ons doen?” ²¹ Agitofel het Absalom geantwoord: “Gaan in by die byvroue van jou pa wat hy agtergelaat het om die paleis op te pas.* Die hele Israel sal hoor dat jy jou veragtelik gemaak^p het by jou pa. Dit sal die hande sterk van almal wat by jou is.” ²² Daar is toe vir Absalom 'n tent oopgespan op die dak van die paleis,^q en Absalom het ten aanskoue van die hele Israel by sy pa se byvroue ingegaan. ²³ *Die raad van Agitofel wat hy in dié tyd gegee het, was so goed asof iemand 'n woord van God gevra het. Dit is hoe al die raad van Agitofel aan Dawid sowel as aan Absalom beskou is.^r

17

¹ Agitofel* het ook vir Absalom* gesê: “Laat ek twaalfduisend man^s uitsoek en gereedmaak, en Dawid vannag agternasit. ² Ek sal hom

***16:19 Soos ... dien:** 2 Sam 15:34

***16:21 Gaan ... pas:** 2 Sam 15:16; 20:3; vgl 2 Sam 12:11

^p**16:21 veragtelik gemaak:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “hulle is stink gemaak”.

^q**16:22 van die paleis:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***16:23** 2 Sam 15:31-34

^r**16:23 Dit ... beskou is:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

***17:1 Agitofel:** 2 Sam 15:12,31; 1 Kron 27:33

***17:1 Absalom:** 2 Sam 3:3; 15:1-16

^s**17:1 12 000 man:** Kan ook vertaal word “twaalf afdelings manne”.

oorval terwyl hy moeg en moedeloos^t is. Ek sal hom die skrik op die lyf jaag, en dan sal al die mense by hom vlug. Ek sal die koning alleen neervel ³ en al die mense na jou terugbring. Met dié dat almal terugkeer, behalwe die man wat jy soek,^u sal al die mense ongedeerd wees.” ⁴ Die voorstel was reg in die oë van Absalom en al die oudstes van Israel. ⁵ Absalom het egter gesê: “Ontbied ook vir Gusai, die man uit Erek,^{*} sodat ons kan hoor wat ook hy te sê het.”

⁶ Toe Gusai by Absalom kom, het Absalom vir hom gesê: “Dit is die voorstel wat Agitofel gemaak het. Moet ons sy voorstel volg? Indien nie, praat jy dan!” ⁷ Gusai sê toe vir Absalom: “Die raad wat Agitofel gegee het, is hierdie keer nie goed nie.”^{*} ⁸ Gusai sê toe daarby: “U ken self u vader en sy manne: Hulle is helde, en hulle is so omgekrap soos 'n beer in die veld wat van haar kleintjies beroof is.^{*} Daarby is u vader 'n krygsman; hy sal nie by die mense slaap nie. ⁹ Kyk, nou skuil hy in een van die klowe of in een van die ander plekke. As daar van u manne aan die begin val,^v sal dié wat dit hoor, sê, ‘Daar was 'n slagting onder die manskappe wat Absalom volg.’ ¹⁰ Dan sal selfs die moed van 'n heldhaftige soldaat, met die hart van 'n leeu, heeltemal wegs melt, omdat die hele Israel weet dat u vader 'n held is en dat daar by hom

^t**17:2 moedeloos:** Die Hebraëuse idioom kan vertaal word as “slap van hande”.

^u**17:3 en al ... soek:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Die •Septuagint lui “en al die mense na jou terugbring soos 'n bruid terugkeer na haar man, behalwe vir die lewe van die een man wat jy soek”.

^{*}**17:5 Gusai ... Erek:** 2 Sam 15:32; 16:15-19

^{*}**17:7 Die ... goed nie:** Vgl 2 Sam 16:23

^{*}**17:8 soos ... beroof is:** Spr 28:1; Hos 13:8

^v**17:9 As ... val:** Kan ook vertaal word “As hy hulle eerste aanval”.

onverskrokke manne* is. ¹¹ Ja, my raad is: Laat die hele Israel, van Dan tot Berseba,* so baie soos die sand aan die seestrand,* onverwyld by u byeenkom, met u wat persoonlik aan die stryd deelneem. ¹² Ons sal op hom afkom in een van die plekke waar hy hom bevind, en dan sak ons op hom toe soos dou op die grond val. Daar sal van hom niks oorbly nie, ook van die manne by hom sal selfs nie een oorbly nie. ¹³ En as hy hom in 'n stad terugtrek, sal die hele Israel toue bring na daardie stad, en ons sal dit wegsleep tot in die spruit, totdat daar nie meer 'n enkele klippie te vinde is nie.”

¹⁴ Absalom en al die manne van Israel sê toe: “Die raad van Gusai, die man uit Erek, is beter as die raad van Agitofel.” Die HERE het besluit om Agitofel se goeie raad te dwarsboom, sodat die HERE 'n ramp oor Absalom kon bring.

Waarskuwing aan Dawid

¹⁵ *Gusai het vir Sadok en Abjatar, die priesters, gesê: “Dit is die raad wat Agitofel vir Absalom en die oudstes van Israel gegee het, en dit is die raad wat ek gegee het. ¹⁶ Stuur dan nou gou iemand en laat weet vir Dawid, ‘Moenie die nag by die deurgaanklekkie na die woestyn^w oorbly nie,* maar trek beslis verder; anders word die koning en al die mense by

*17:10 onverskrokke manne: 2 Sam 23:8-39

*17:11 Dan tot Berseba: 2 Sam 3:10

*17:11 sand ... seestrand: Gen 22:17; 1 Kon 4:20

*17:15 2 Sam 15:35-36

^w17:16 deurgaanklekkie ... woestyn: Die •Masoretiese leestradië en van die vertalings verskil oor hierdie woorde en lui “woestynvlaktes”; vgl ook 2 Sam 15:28.

*17:16 Moenie ... oorbly nie: 1 Sam 15:28

hom verslind.’ ” ¹⁷ Jonatan en Agimaäs* het by Rogelfontein* gereed gestaan, en 'n slavin sou gaan en aan hulle die boodskap oordra. Hulle moes dan gaan en koning Dawid inlig. Hulle kon dit immers nie waag om die stad binne te gaan en sodoende gesien te word nie. ¹⁸ Maar 'n jong man het hulle gesien en vir Absalom gaan vertel. Hulle twee het toe haastig padgegee en by die huis aangekom van 'n man in Bagurim* wat 'n put in sy binnehof gehad het. Hulle het daarin afgeklim, ¹⁹* en die vrou het 'n doek geneem, dit oor die opening van die put getrek en gort daarop uitgesprei, sodat niks opgemerk kon word nie.

²⁰ Toe Absalom se dienaars by die vrou in haar huis kom, vra hulle: “Waar is Agimaäs en Jonatan?” Maar die vrou het hulle geantwoord: “Hulle het deur die waterkuil^x gegaan.” Die dienaars^y het gesoek, maar niks gekry nie, en toe teruggegaan na Jerusalem. ²¹ Nadat hulle weg is, het Agimaäs en Jonatan^z uit die put geklim, verder gegaan en aan koning Dawid berig gebring. Hulle het vir Dawid gesê: “Maak gereed en gaan gou deur die water, want dit is die raad wat Agitofel oor julle gegee het.” ²² Dawid en al die mense by hom het toe gereedgemaak en die Jordaan oorgesteek. Teen ligdag die oggend was daar nie een oor wat nie die Jordaan oorgesteek het nie.

Agitofel se dood

²³ En Agitofel, hy het intussen gesien dat sy raad nie gevolg word nie. Toe saal hy die donkie op, maak gereed en gaan na sy huis in sy

***17:17 Jonatan en Agimaäs:** 2 Sam 15:27,36; 18:19

***17:17 Rogelfontein:** Jos 15:7; 18:16; 1 Kon 1:9

***17:18 Bagurim:** 2 Sam 3:16; 16:5

***17:19-20** Vgl Jos 2:4-6

^x**17:20 waterkuil:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^y**17:20 Die dienaars:** Die bronteks lui “hulle”.

^z**17:21 Agimaäs en Jonatan:** Die bronteks lui “hulle”.

tuisdorp.* Hy het opdragte gegee oor sy huisgesin,* en homself opgehang.* Hy is dood en is in sy pa se grafkelder neergelê.

Absalom se dood

²⁴ Dawid het in Maganajim* aangekom. En Absalom het deur die Jordaan getrek, hy en al die manne van Israel saam met hom.

²⁵ *Absalom het Amasa oor die leer aangestel in Joab se plek. Amasa was die seun van 'n man met die naam Jeter, 'n Ismaeliet^a wat by Abigal ingegaan het. Sy was 'n dogter van Nagas, die suster van Seruja, die ma van Joab. ²⁶ Israel en Absalom het kamp opgeslaan in die gebied van Gilead.*

²⁷ Toe Dawid in Maganajim aankom, was Sobi, seun van Nagas uit Rabba* van die Ammoniete, en Makir, seun van Ammiël uit Lo-Dabar,* en Barsillai, 'n man van Gilead wat uit Rogelim* kom, ²⁸ daar gereed met 'n bed, met bakke, kleipotte, koring, gars, meel, gebraaide koring, boontjies, lensies, gebraaide koring,^b ²⁹ heuning, dikmelk, kleinvee, en kaas gemaak van beesmelk. Hulle het dit alles vir Dawid en die mense by hom gebring om te eet, “want,” het hulle gesê, “die mense sal

*17:23 tuisdorp: 2 Sam 15:12

*17:23 opdragte ... huisgesin: Vgl 2 Kon 20:1

*17:23 homself opgehang: Vgl Matt 27:5

*17:24 Maganajim: 2 Sam 2:8

*17:25 2 Sam 20:9-12; 1 Kron 2:16-17

^a17:25 Ismaeliet: Sommige mss van die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “Israeliet”; vgl 1 Kron 2:17.

*17:26 Gilead: 2 Sam 2:9

*17:27 Nagas uit Rabba: 2 Sam 10:2; 12:26; 1 Kron 19:1-2

*17:27 Makir ... Lo-Dabar: 2 Sam 9:4

*17:27 Barsillai ... Rogelim: 2 Sam 19:31-32,39; 1 Kon 2:7

^b17:28 gebraaide koring: Hierdie woorde kom nie in die Septuagint en •Peshitta voor nie.

honger en moeg en dors wees in die woestyn^c”.

18

¹ Dawid het die manskappe by hom gemonster en aanvoerders van duisend en aanvoerders van honderd aangestel. ² Toe het Dawid die manskappe uitgestuur, 'n derde onder bevel van Joab,* 'n derde onder bevel van Abisai,* seun van Seruja en broer van Joab, en 'n derde onder bevel van Ittai,* die man uit Gat. Die koning het vir die manskappe gesê: “Ek gaan beslis ook saam met julle uittrek.” ³ *Maar die manskappe het gesê: “U mag nie saam uittrek nie, want as ons wel moet vlug, sal hulle nie op ons ag slaan nie. En al sterf die helfte van ons, hulle sal nie op ons ag slaan nie, want u^d is so goed soos tienduisend van ons. Daarom is dit beter as u vir ons uit die stad tot hulp sal wees.” ⁴ Die koning het hulle geantwoord: “Wat vir julle die beste lyk, sal ek doen.” Die koning het toe langs die stadspoort gaan staan, en al die manskappe het in eenhede van honderd en duisend uitgetrek. ⁵ Die koning het Joab, Abisai en Ittai opdrag gegee: “Werk, ter wille van my, saggies met die jong man, met Absalom.*” Al die manskappe het gehoor* toe die koning aan al die aanvoerders opdragte gee in verband

^c**17:29 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***18:2 Joab:** 1 Sam 26:6; 2 Sam 8:16

***18:2 Abisai:** 2 Sam 2:18; 10:10; 16:9

***18:2 Ittai:** 2 Sam 15:19

***18:3** 2 Sam 21:17

^d**18:3 want u:** Twee Hebreeuse mss, mss van die •Septuagint en die •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “want nou”, en kan vertaal word as “want nou is daar tienduisend soos ons”.

***18:5 Absalom:** 2 Sam 3:3; 14:1; 1 Kron 3:2

***18:5 Al ... gehoor:** 2 Sam 18:12

met Absalom.

⁶ Die manskappe het uitgetrek na die veld om teen Israel te staan te kom. Die geveg het plaasgevind in die beboste gebied van Efraim.*

⁷ Daar is die manskappe van Israel verslaan deur die dienaars van Dawid. Op daardie plek was daar dié dag 'n groot slagting — twintigduisend man. ⁸ Van daar af het die geveg oor die hele gebied versprei. Die bosse het daardie dag meer lewens geëis as die swaard.

⁹ Absalom het hom teen die dienaars van Dawid vasgeloop terwyl hy op 'n muil gery het, en toe die muil onder die takke van 'n groot terebintboom^e deurgaan, is sy hare^f vasgevang in die terebint. Hy het tussen hemel en aarde bly hang,^g terwyl die muil wat onder hom was, verder gaan. ¹⁰ Een van die manne het dit gesien en vir Joab gaan vertel. Hy het gesê: “Kyk, ek het Absalom sien hang aan 'n terebintboom!” ¹¹ Daarop sê Joab toe vir die man wat dit vir hom vertel: “Jy het hom sowaar gesien! Waarom het jy hom dan nie net daar teen die grond neergevel nie? Ek sou verplig wees om vir jou tien silwerstukke^h en 'n gordel te gee.” ¹² Maar die man sê vir Joab: “Selfs al kan ek duisend silwerstukkeⁱ op my handpalms afweeg, sal ek nie my hand uitsteek na die seun van die koning nie, want voor ons ore* het die

***18:6 beboste ... Efraim:** Jos 7:15,18

^e**18:9 terebintboom:** 'n Siro-Palestynse boom met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog. Dit is gewoonlik alleenstaande bome, wat geassosieer is met heilige plekke.

^f**18:9 sy hare:** Die bronteks kan ook vertaal word “sy kop”.

^g**18:9 bly hang:** Een van die •Qumran-geskrifte en die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “oorgegee”.

^h**18:11 10 silwerstukke:** Ongeveer 114 g; •Geldeenhede.

ⁱ**18:12 1 000 silwerstukke:** Ongeveer 11,4 kg.

***18:12 voor ons ore:** 2 Sam 18:5

koning u en Abisai en Ittai opdrag gegee, ‘Sien om my ontwil^j om na die jong man, na Absalom.’¹³ As ek egter vals opgetree het teen sy lewe^k — en niks bly vir die koning verborge nie — sou u self maar net opsy gestaan het.”

¹⁴ Toe sê Joab: “Ek gaan nie so hier voor jou staan en wag nie.” Hy neem toe drie stokke^l in sy hand en steek dit in die bors^m van Absalom terwyl hy nog lewend is in die terebintboom. ¹⁵ *Toe draai tien jong manne, wapendraers van Joab, af, slaan op Absalom toe en maak hom dood. ¹⁶ * Joab het op die ramshoring geblaas. Die manskappe het die agtervolging van Israel gestaak, want Joab het die manskappe teruggehou. ¹⁷ Hulle het Absalom geneem en hom in die beboste gebied in 'n groot gat gegooi. Hulle het 'n baie groot hoop klippe* op hom gepak. Die hele Israel het intussen gevlug, elkeen na sy tente toe.

¹⁸ Gedurende sy lewe het Absalom die gedenksteen wat daar in die vallei van die koning is, geneem en vir homself opgerig; want hy het gesê: “Ek het nie 'n seun om my naam in herinnering te hou nie.”* Hy het toe die gedenksteen na homself vernoem, en dit word tot vandag toe die Gedenkteken van Absalom genoem.

^j**18:12 om my ontwil:** Twee Hebreuse mss, die Septuagint, •Peshitta, •Targum en Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “wie ook al”.

^k**18:13 teen sy lewe:** Talle Hebreuse mss, die •Masoretiese leestradië, die Septuagint, Peshitta, Targum en Vulgaat lui “teen my lewe” of “teen my sin”.

^l**18:14 drie stokke:** Die meerderheid vertalings gee “stokke” hier met “spiese” weer. Die Septuagint lui “pyle”.

^m**18:14 bors:** Letterlik ‘hart’; vgl egter 2 Sam 18:15.

***18:15** Vgl 1 Sam 31:4

***18:16** Vgl 2 Sam 2:28

***18:17 groot hoop klippe:** Jos 7:25-26; 8:29

***18:18 Ek ... hou nie:** Vgl 2 Sam 14:27

Dawid se rou oor Absalom

¹⁹ Agimaäs,* seun van Sadok, het gesê: “Laat ek asseblief hardloop en die nuus aan die koning oordra dat die HERE sy reg gehandhaaf het deur hom uit die hand van sy vyande te red.” ²⁰ Joab het egter vir hom gesê: “Vandag is jy nie die man vir die nuus nie. Jy kan op 'n ander dag die nuus oordra. Op hierdie dag mag jy nie die nuus oordra nie, omdat die koning se seun dood is.” ²¹ Joab het toe vir 'n Kussietⁿ gesê: “Gaan vertel vir die koning wat jy gesien het.” Die Kussiet het diep gebuig voor Joab en toe gehardloop. ²² Maar Agimaäs, seun van Sadok, het weer 'n keer vir Joab gesê: “Wat ook al gebeur, ek wil asseblief ook hardloop — ná die Kussiet.” Waarop Joab vra: “Waarom wil jy dan nou hardloop, my seun? Vir jou sal daar nie 'n boodskappersloon wees nie.” ²³ “Wat ook al gebeur, ek wil hardloop,” het hy gesê.^o “Hardloop dan!” het Joab vir hom gesê. Agimaäs het toe met die pad deur die vallei^p gehardloop en die Kussiet verbygesteek.

²⁴ Terwyl Dawid tussen die twee poorte^q sit, gaan die wag op na die dak van die poort, na die stadsmuur. Toe hy opkyk, sien hy skielik iemand wat alleen aangehardloop kom. ²⁵ Die wag roep toe uit en lig die koning in, waarop die koning sê: “As hy alleen is, kom hy met nuus.” Terwyl hy al nader kom, ²⁶ sien die wag 'n ander man wat hardloop. Die wag roep toe na die poortwag en sê: “Daar is sowaar nog

***18:19 Agimaäs:** 2 Sam 15:27,36; 17:17

ⁿ**18:21 Kussiet:** Inwoner van Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

^o**18:23 het hy gesê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^p**18:23 pad ... vallei:** Letterlik ‘pad van die sirkel’. Dit was 'n pad deur die Jordaanvallei.

^q**18:24 twee poorte:** Dit verwys na die binne- en buitepoort van die stadsmuur.

'n man wat alleen hardloop!” Toe sê die koning: “Ook hy bring nuus.”
²⁷ Die wag sê toe: “Ek sien aan die hardloop van die eerste een dat dit Agimaäs, seun van Sadok, se manier van hardloop is.”* Daarop sê die koning: “Dit is 'n goeie man, en dit moet goeie nuus wees waarmee hy kom.”* ²⁸ Agimaäs het uitgeroep en vir die koning gesê: “Vrede!” Toe buig hy diep voor die koning met sy gesig teen die grond en sê: “Die HERE u God moet geprys word; Hy wat die manne oorgelewer het wat hulle hand teen my heer die koning gelig het.” ²⁹ Toe vra die koning: “Hoe gaan dit met die jong man, met Absalom?” Agimaäs het geantwoord: “Ek het 'n groot samedromming gesien toe Joab, die koning se dienaar, op die punt was om my, u dienaar, te stuur; maar ek weet nie wat dit was nie.” ³⁰ Die koning sê toe: “Draai om en neem jou plek daar in.” Hy het omgedraai en gaan staan ³¹ juis toe die Kussiet daar aankom. Die Kussiet sê toe: “My heer die koning kan die nuus ontvang dat die HERE vandag u reg gehandhaaf het deur u te bevry van die hand van almal wat teen u in opstand is.” ³² Daarop vra die koning vir die Kussiet: “Hoe gaan dit met die jong man, met Absalom?” Die Kussiet het gesê: “Mag dit met die vyande van my heer die koning en met almal wat ten kwade teen u in opstand is, gaan soos met die jong man.”* ³³ †Die koning het begin bewe, en opgegaan na 'n bovertrek in die poort en gehuil. Terwyl hy loop, het hy hierdie woorde gesê: “My seun Absalom; my seun, my seun Absalom! As ek maar in jou plek kon sterf! Absalom, my seun, my seun!”*

*18:27 Ek ... hardloop is: Vgl 2 Kon 9:20

*18:27 Dit ... kom: Vgl 1 Kon 1:42

*18:32 Mag ... man: 1 Sam 25:26; Dan 4:19

†18:33 Die bronteks nommer hierdie vs 2 Sam 19:1.

*18:33 My seun ... seun, my seun: 2 Sam 19:4

19

¹ ^sAan Joab* is berig gebring: “Kyk, die koning huil en rou oor Absalom.*” ² Die oorwinning het daardie dag vir al die manskappe 'n dag van rou geword, omdat die manskappe daardie dag gehoor het die koning is gebroke oor sy seun. ³ Die manskappe het dié dag die stad binnegesluit soos manskappe binnesluit wat verneder is omdat hulle in die geveg moes vlug.

⁴ Die koning het sy gesig togedraai* en met 'n harde stem uitgeroep: “My seun Absalom! Absalom, my seun, my seun!”* ⁵ Toe gaan Joab na binne, na die koning, en sê: “Jy het vandag al jou dienaars met rooi gesigte gelaat — hulle wat vandag jou lewe en die lewe van jou seuns en dogters, en die lewe van jou vroue en byvroue* gered het — ⁶ deur dié lief te hê wat jou haat, en dié te haat wat jou liefhet. Jy het immers vandag te kenne gegee dat aanvoerders en onderdane vir jou niks beteken nie. Ja, ek besef vandag dat, as Absalom sou lewe en ons almal vandag dood sou wees, dit dan reg sou wees in jou oë. ⁷ Staan dan nou op, gaan uit en praat mooi^t met jou dienaars, want ek sweer voor die HERE dat as jy nie uitgaan nie, niemand vannag by jou sal bly nie; en dit sal vir jou 'n ramp wees, erger as enige ramp wat jou oorgekom het van jou jeug af tot nou toe.”

^s19:1-43 Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as 2 Sam 19:2-44.

*19:1 Joab: 1 Sam 26:6; 2 Sam 8:16

*19:1 Absalom: 2 Sam 3:3; 14:1; 1 Kron 3:2

*19:4 sy ... togedraai: 2 Sam 15:30

*19:4 My seun Absalom: 2 Sam 18:33

*19:5 vroue en byvroue: 2 Sam 15:30

^t19:7 praat mooi: Die Hebreeuse idiom kan vertaal word as “praat na die hart van”.

⁸ Die koning het toe opgestaan en in die poort gaan sit, en toe al die manskappe die berig ontvang, “Kyk, die koning sit in die poort,” het al die manskappe voor die koning saamgekom. Israel het egter gevlug,^{*} elkeen na sy tente toe.

Dawid se terugkeer na Jerusalem

⁹ Al die manskappe in al die stamme van Israel het aan die stry geraak en gesê: “Die koning het ons gered uit die greep van ons vyande; ja, hy is die een wat ons gered het uit die greep van die Filistyne.^{*} Maar nou het hy oor Absalom landuit gevlug,^{*} ¹⁰ en Absalom, vir wie ons as koning oor ons gesalf het, is dood in die oorlog. Waarom swyg julle dan nou oor die terugbring van die koning?” ¹¹ Koning Dawid stuur toe 'n boodskap na die priesters Sadok en Abjatar^{*} om te laat weet: “Spreek die oudstes van Juda aan en sê, ‘Waarom moet julle die laaste wees om die koning na sy paleis terug te bring?’ ” Die gesprek van die hele Israel het immers die koning in sy verblyfplek bereik. ¹² Hy het gesê:^u “ ‘Julle is my broers, my bloedfamilie.^v Waarom moet julle die laaste wees om die koning terug te bring?’ ¹³ En vir Amasa^{*} moet julle sê, ‘Is jy nie my bloedfamilie nie? Mag God my swaar straf^w as jy nie vir goed

^{*}19:8 Israel ... gevlug: 2 Sam 15:13; 17:24; 18:17

^{*}19:9 gered het ... Filistyne: 2 Sam 5:17-25; 8:1

^{*}19:9 oor ... gevlug: 2 Sam 15:14

^{*}19:11 Sadok en Abjatar: 2 Sam 15:24-29

^u19:12 Hy het gesê: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^v19:12 my broers, my bloedfamilie: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “my been en vlees”.

^{*}19:13 Amasa: 2 Sam 17:25

^w19:13 Mag ... straf: In Hebreeus is dit 'n vaste uitdrukking, letterlik ‘So sal God aan my doen en so sal Hy byvoeg’.

aanvoerder van die leër in my diens word in die plek van Joab nie!’ ”

¹⁴ So het hy sonder uitsondering die harte gewen^x van al die manne van Juda. Hulle het toe vir die koning 'n boodskap gestuur: “Kom terug, u en al u dienaars!”

¹⁵ Die koning het toe teruggegaan en by die Jordaan aangekom. Juda het tot by Gilgal* gekom om die koning tegemoet te gaan, om die koning oor die Jordaan te begelei. ¹⁶ *Simeï, seun van Gera, die Benjaminit wat uit Bagurim kom, het gou gemaak en saam met die manne van Juda afgegaan om koning Dawid te ontmoet. ¹⁷ 'n Duisend man uit Benjamin was saam met hom, asook Siba, 'n hofdienaar van Saul* met sy vyftien seuns en twintig slawe by hom. Hulle het voor die koning op die Jordaan afgestorm ¹⁸ en die drif deurgegaan^y om die koning se huisgesin deur te help en om te doen wat hy nodig ag.

Simeï, seun van Gera, het, toe hy die Jordaan oorsteek, voor die koning neergeval. ¹⁹ Hy het vir die koning gesê: “My heer moet my nie die skuld toereken nie. Moet tog nie daaraan bly dink dat u dienaar die spoor byster geraak het die dag toe my heer die koning uit Jerusalem vertrek het nie. Die koning moet dit nie ter harte neem nie, ²⁰ want ek, u dienaar, besef dat ek die een is wat gesondig het. Maar kyk, vandag het ek, van die hele huis van Josef, eerste afgekom om my heer die koning te ontmoet.”

²¹ Abisai,* seun van Seruja, het daarop gereageer en gesê: “Moet Simeï

^x**19:14 harte gewen:** Die Hebreuse idioom kan vertaal word as “harte laat afdraai”.

***19:15 Gilgal:** Jos 5:9

***19:16-23** 2 Sam 16:5-13; 1 Kon 2:8-9

***19:17 Siba ... Saul:** 2 Sam 9:2,10; 16:1-4

^y**19:17-18 voor ... deurgegaan:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

***19:21 Abisai:** 1 Sam 26:6; 2 Sam 2:18

nie hiervoor doodgemaak word nie? Hy het immers die gesalfde van die HERE uitgeskel.”²² Dawid het egter gesê: “Hoe moet ek julle verstaan, seuns van Seruja? Want julle word vandag vir my teenstanders. Moet iemand vandag in Israel doodgemaak word? Weet ek dan nie dat ek vandag koning is oor Israel nie?”²³ Toe sê die koning vir Simeï: “Jy sal nie sterf nie.” En die koning het dit vir hom met 'n eed bevestig.

²⁴ Ook Mefiboset, die kleinseun van Saul,^z het afgegaan om die koning te ontmoet. Hy het sy voete nie versorg, sy snor nie geknip en selfs sy klere nie gewas nie, van die dag af dat die koning weggegaan het totdat hy weer ongedeerd daar aangekom het.²⁵ Toe hy in Jerusalem ingaan om die koning te ontmoet, vra die koning vir hom: “Waarom het jy nie saam met my gegaan nie, Mefiboset?”²⁶ * Daarop het hy geantwoord: “My heer die koning, my slaaf het my mislei. U dienaar het gedink, ek gaan vir my die donkie opsaal en daarop ry en met die koning saamgaan, want u dienaar is mos kreupel.*²⁷ My slaaf het egter u dienaar by my heer die koning gaan beskinder. Maar my heer die koning is soos 'n engel van God;* doen maar wat goed is in u oë.²⁸ Die hele huis van my vader het immers, wat my heer die koning betref, net die dood verdien. En tog het u u dienaar geplaas by dié wat aan u tafel eet.* Watter reg het ek dan nog om weer 'n keer na die koning om hulp te roep?”

²⁹ Die koning het vir hom gesê: “Waarom moet jy nog verder jou saak

^z**19:24 Mefiboset ... Saul:** In 1 Kron 8:34 en 9:40 word hy Meribbaäl genoem. Vgl 2 Sam 2:8 vir die verandering van 'n naam met die element -baäl na -boset.

***19:26-27** 2 Sam 16:1-4

***19:26 want u ... kreupel:** 2 Sam 4:4; 9:3

***19:27 soos ... God:** 1 Sam 29:9; 2 Sam 14:17,20

***19:28 aan ... eet:** 2 Sam 9:7,13

stel? Ek het klaar gepraat: Jy en Siba moet die grond deel.*”³⁰ Daarop sê Mefiboset vir die koning: “Hy kan ook maar alles neem nadat my heer die koning ongedeerd by sy paleis aangekom het.”

³¹ Ook Barsillai,* 'n man uit Gilead, het van Rogelim af afgegaan en saam met die koning na die Jordaan getrek om hom daar by die Jordaan af te sien.³² Barsillai was al baie oud, 'n man van tagtig jaar; maar hy het die koning van kos voorsien tydens sy verblyf in Maganajim,* want hy was 'n baie ryk man.³³ Die koning het vir Barsillai gesê: “Trek jy saam met my oor, dan sal ek jou by my in Jerusalem van kos voorsien.”³⁴ Maar Barsillai het vir die koning gesê: “Hoeveel dae van my lewensjare is nog oor dat ek saam met die koning na Jerusalem kan opgaan?”³⁵ Ek is nou tagtig jaar oud. Ken ek nog die verskil tussen goed en sleg, of sal ek, u dienaar, nog kan proe wat ek eet of drink, of sal ek nog kan luister na die stemme van sangers en sangeresse? Waarom moet u dienaar nog vir my heer die koning 'n las wees?³⁶ U dienaar kan nouliks oor die Jordaan gaan saam met die koning, en waarom sou die koning my dan op dié wyse vergoed?³⁷ Laat ek, u dienaar, asseblief maar omdraai, sodat ek in my tuisdorp naby die graf van my vader en moeder kan sterf. Maar kyk, hier is u dienaar Kimham; laat hy saam met my heer die koning oorgaan. Doen dan aan hom wat goed is in u oë.”³⁸ Die koning het gesê: “Saam met my sal Kimham dan oorgaan, en ek sal persoonlik aan hom doen wat goed is in jou oë. Alles wat jy van my verwag, sal ek vir jou doen.”

³⁹ Al die manskappe het die Jordaan oorgesteek, en toe het die koning oorgegaan. Die koning het Barsillai gesoen en hom seën toegewens. Hy is terug na sy woonplek.⁴⁰ Die koning het verder oorgegaan na Gilgal,

*19:29 Jy ... deel: 2 Sam 16:4

*19:31 Barsillai: 2 Sam 17:27; 1 Kon 2:7

*19:32 Maganajim: 2 Sam 2:8; 17:24

en Kimham het saam met hom oorgegaan. Al die manskappe van Juda en ook die helfte van die manskappe van Israel het die koning met die deurtog begelei.

⁴¹ Al die manne van Israel kom toe onverwags na die koning en sê vir die koning: “Waarom het ons broers, die manne van Juda, die koning ontvoer en die koning, sy huishouding en al die manne van Dawid saam met hom oor die Jordaan geneem?”* ⁴² Al die manne van Juda het toe teenoor die manne van Israel gereageer: “Omdat die koning na aan ons^a is!* Maar waarom word julle nou kwaad oor hierdie saak? Het ons enigiets van die koning geëet, of enigiets vir onself weggedra?”

⁴³ Daarop antwoord die manne van Israel die manne van Juda en sê: “Ons het 'n tienvoudige aandeel^b in die koning, en ook op Dawid het ons groter aanspraak as julle. Waarom verkleineer julle ons dan? Het ons nie eerste voorgestel om ons koning terug te bring nie?” Die reaksie van die manne van Juda was egter heftiger as dié van die manne van Israel.

20

Seba se opstand en dood

¹ 'n Opstoker met die naam Seba, seun van Bikri, 'n Benjaminiër, was toevallig daar. Hy het op die ramshoring geblaas en gesê:

***19:41** **Waarom ... geneem:** 2 Sam 19:15

^a**19:42** **ons:** In die bronteks word die enkelvoud “ek” en “jy” telkens gebruik in 2 Sam 19:42-43 omdat dit oor Juda as 'n politieke eenheid en Israel as 'n politieke eenheid gaan.

***19:42** **die koning na ... is:** 2 Sam 19:12; 1 Kron 2:3-15

^b**19:43** **tienvoudige aandeel:** Die groep wat hulleself Israel genoem het, was saamgestel uit tien van die twaalf stamme. Juda het uit twee van die stamme bestaan.

“Ons het geen aanspraak op Dawid,
geen erfdeel in die seun van Isai nie;
elkeen na sy tente toe, Israel!”*

² Al die manne van Israel het toe opgetrek, weg van Dawid af, agter Seba, seun van Bikri, aan. Maar die manne van Juda* was aan hulle koning se sy van die Jordaan af tot by Jerusalem.

³ *Toe Dawid by sy paleis in Jerusalem aankom, het die koning die tien vroue, die byvroue wat hy agtergelaat het om die paleis op te pas, geneem en hulle geplaas in 'n plek van veilige bewaring. Hy het aan hulle kos voorsien, maar hy het nie by hulle ingegaan nie. Hulle was afgesonder tot die dag van hulle dood — 'n lewenslange weduweeskap.

⁴ Die koning het vir Amasa* gesê: “Roep vir my die manne van Juda binne drie dae op. Jy moet self ook hier kom staan.” ⁵ Amasa het toe gegaan om Juda op te roep, maar hy is langer opgehou as die vaste tyd wat vir hom bepaal is.

⁶ Toe sê Dawid vir Abisai:* “Nou gaan Seba, seun van Bikri, ons meer kwaad aandoen as Absalom. Neem jy dan die dienaars van jou heer en sit hom agterna, anders sal hy vir hom versterkte stede kan vind en ons groot skade aandoen.”^c ⁷ Die manne van Joab, die Kreti en Pleti^d en al

***20:1 Ons ... Israel:** 1 Kon 12:16; 2 Kron 10:16

***20:2 manne van Juda:** 2 Sam 2:4

***20:3** 2 Sam 15:15; 16:21,22

***20:4 Amasa:** 2 Sam 17:25

***20:6 Abisai:** 1 Sam 26:6; 2 Sam 2:18

^c**20:6 ons groot ... aandoen:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse idioom. Dit kan vertaal word as “sal hy ons oog uitpluk” of as “sal hy ons fontein wegruk”. Word ook vertaal “sal hy ons ontduik”.

^d**20:7 Kreti en Pleti:** Dit was waarskynlik huursoldate wat deel was van Dawid se private leër. Die Kreti het vermoedelik van Kreta gekom, en die Pleti was vermoedelik Filistynse soldate.

die helde het agter hom aan uitgetrek. Hulle het uit Jerusalem getrek om Seba, seun van Bikri, te agtervolg.

⁸ Hulle was naby die groot klip wat by Gibeon* is, maar Amasa het voor hulle daar aangekom. Joab* het sy gevegskleed as gewone drag aangehad en bo-oor, om sy heupe, was 'n lyfband met 'n swaard in sy skede vasgemaak. Toe hy vorentoe beweeg, het die swaard uitgeval.

⁹ Joab het vir Amasa gesê: “Gaan dit goed met jou, my broer?” En toe gryp Joab met die regterhand Amasa se baard om hom te soengroet.*

¹⁰ Amasa het egter nie rekening gehou met die swaard wat in Joab se ander hand was nie. Hy het hom daarmee in die maag gesteeek, sodat sy ingewande op die grond uitgestort het.* Hy het gesterf sonder dat hy hom 'n tweede keer gesteeek het. Joab en Abisai, sy broer, het toe vir Seba, seun van Bikri, agternagesit.* ¹¹ Een van Joab se jong manne het by Amasa bly staan en gesê: “Wie Joab goedgesind is en wie vir Dawid is, volg Joab!” ¹² Amasa het nog lê en rondkrul in sy bloed in die middel van die pad, en toe die man sien dat al die manskappe gaan staan, het hy Amasa uit die pad uit gerol, die veld in. Hy het 'n kledingstuk oor hom gegooi nadat hy gesien het dat elkeen wat by hom kom, gaan staan. ¹³ Nadat hy uit die pad verwyder is, het al die manne verbygegaan agter Joab aan om Seba, seun van Bikri, te agtervolg.

*20:8 Gibeon: 2 Sam 2:12-13

*20:8 Joab: 1 Sam 26:6; 2 Sam 8:16

*20:9 hom te soengroet: Vgl Matt 26:49; Luk 22:47

*20:10 Hy ... uitgestort het: Vgl Rig 3:21-22; 2 Sam 2:23

*20:10 Joab ... agternagesit: 2 Sam 2:24

¹⁴ Seba het by al die stamme van Israel langs gegaan na Abel en Bet-Maäka^e en na al die Beriëte.^f Hulle het byeengekom en die stad binnegegaan, ook agter hom aan. ¹⁵ Joab se manne^g het gekom en hom in Abel-Bet-Maäka beleër. Hulle het 'n beleëringswal teen die stad opgehoop,^{*} sodat dit in posisie was by die verdedigingswal. Terwyl al die manskappe by Joab verwoesting aangerig het om die stadsmuur te laat val, ¹⁶ het 'n wyse vrou uit die stad geroep: “Luister, luister! Sê julle asseblief vir Joab, ‘Kom nader hierheen, ek wil met u praat.’ ” ¹⁷ Toe hy nadergaan na haar, sê die vrou: “Is u Joab?” “Dit is ek,” antwoord hy. Sy sê toe vir hom: “Luister na die woorde van u dienares.” “Ek luister,” het hy gesê. ¹⁸ Daarop sê sy: “In die verlede het hulle altyd gesê, ‘Doen maar net navraag in Abel,’ en so is die saak besleg. ¹⁹ Ek praat namens die vredeliewendes van die getroues in Israel.^h U probeer om 'n stad, ja, 'n moeder in Israel, dood te maak. Waarom wil u die eiendom van die HERE verslind?” ²⁰ Joab het egter geantwoord en gesê: “Ek sal dit nooit, nooit doen nie! Ek sal nie verslind nie en ek sal nie vernietig nie. ²¹ Dit is nie waaroor dit gaan nie; maar 'n man uit die heuweland van Efraim — Seba, seun van Bikri, is sy naam — het sy hand gelig teen die koning, teen Dawid. Lewer hom alleen uit, dan sal ek wegtrek van die stad af.” Toe sê die vrou vir Joab: “Goed, sy kop sal na u van die stadsmuur af gegooi word.”

^e**20:14 Abel en Bet-Maäka:** Sommige vertalings lui “Abel-Bet-Maäka” na aanleiding van 2 Sam 20:15.

^f**20:14 al die Beriëte:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. 'n Ms van die Septuagint lui “en al die dorpe”.

^g**20:15 Joab se manne:** Die bronteks lui “hulle”.

^{*}**20:15 'n beleëringswal ... opgehoop:** 2 Kon 19:32; Jes 37:33; Jer 6:6; Eseg 4:2; 26:8

^h**20:19 Ek ... Israel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

²² *Die vrou het met haar wysheid na al die mense gegaan. Hulle het Seba, seun van Bikri, se kop afgekap en na Joab gegooi. Hy het toe op die ramshoring geblaas, en hulle het uiteengegaan, weg van die stad, elkeen na sy tente toe. Joab het teruggekeer na Jerusalem, na die koning.

Dawid se amptenare

²³ * Joab was in bevel van die hele leër in Israel, en Benaja,^{*} seun van Jojada, van die Kreti en Pleti. ²⁴ Adoniram^{*} was in bevel van die dwangarbeid, en Josafat, seun van Agilud, was die herout.ⁱ ²⁵ Sewa was sekretaris, en Sadok en Abjatar was priesters. ²⁶ Ook Ira, die man uit Jair, het vir Dawid as priester opgetree.

21

Lot van Saul se nakomelinge

¹ In die tyd van Dawid was daar drie agtereenvolgende jare lank hongersnood. Dawid het die teenwoordigheid van die HERE opgesoek,^j en die HERE het gesê: “Dit is oor Saul, oor sy huis van bloedskuld, omdat hy die Gibeoniete doodgemaak het.”*

² Toe ontbied die koning die Gibeoniete en praat met hulle. Die Gibeoniete was nie deel van die Israëliete nie, maar was deel van 'n

*20:22 Vgl Pred 9:14-15

*20:23-26 2 Sam 8:16-18; 1 Kon 4:2-6

*20:23 Benaja: 23:20-23

*20:24 Adoniram: 1 Kon 12:18

ⁱ20:24 herout: Doen alle aankondigings namens die koning, en dien as skakelbeampte tussen koning en volk.

^j21:1 teenwoordigheid ... opgesoek: Dit is 'n vaste Hebreeuse uitdrukking vir 'n koninklike oudiënsie.

*21:1 Dit ... doodgemaak het: 1 Sam 22:18-19

oorblyfsel van die Amoriëte. Die Israëliëte het vir hulle 'n eed afgelê,* maar Saul het in sy ywer vir die Israëliëte en Juda probeer om hulle uit te wis.³ Dawid het vir die Gibeoniete gesê: “Wat moet ek vir julle doen, en waarmee moet ek versoening doen, sodat julle die eiendom van die HERE kan seën?”⁴ Die Gibeoniete het vir hom gesê: “Dit gaan nie vir ons oor silwer en goud as dit by Saul en sy familie kom nie; dit gaan nie vir ons daaroor om iemand in Israel dood te maak nie.” Toe vra hy: “Wat sê julle dan moet ek vir julle doen?”⁵ Hulle het vir die koning gesê: “Die man wat ons vernietig het, wat planne teen ons beraam het, sodat ons uitgewis is sonder enige bestaansreg in die hele gebied van Israel,⁶ laat daar sewe manne uit sy nageslag aan ons gegee word — dan sal ons hulle voor die HERE ophang^k in Gibeon van Saul,* die uitverkorene van die HERE.^{1*}” Die koning het gesê: “Ek sal hulle gee.”

⁷*Die koning het Mefiboset, seun van Jonatan, seun van Saul, gespaar oor die eed voor die HERE tussen hulle, tussen Dawid en Jonatan, seun van Saul.⁸ Die koning het Armoni en Mefiboset geneem — die twee seuns van Rispa,* dogter van Aja, wat sy vir Saul in die wêreld gebring het — asook die vyf seuns van Merab,^m die dogter van Saul, wat sy in

*21:2 Israëliëte ... afgelê: Jos 9:3-20

^k21:6 ophang: Die oortreders is waarskynlik gedood, daarna is hulle arms en bene gebreek voordat skerp pale in die buike en borsholtes van die lyke gesteek en dan in die grond geplant is.

*21:6 Gibeon van Saul: 1 Sam 15:34

¹21:6 in Gibeon ... HERE: Die •Septuagint, gevolg deur sommige vertalings, lui “by Gibeon op die berg van die HERE;”; vgl ook 2 Sam 21:9.

*21:6 Saul ... HERE: 1 Sam 10:24

*21:7 1 Sam 18:3; 20:12-17; 23:18

*21:8 Rispa: 2 Sam 3:7

^m21:8 Merab: Twee Hebreeuse mss, sommige mss van die Septuagint, en die •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “Mikal”; vgl egter 1 Sam 18:19.

die wêreld gebring het vir Adriël, seun van Barsillai, die man uit Megola. ⁹ Hy het hulle aan die Gibeoniete oorhandig en dié het hulle voor die HERE aan pale gehang op die berg. Die sewe het saam beswyk. Hulle is om die lewe gebring gedurende die eerste dae van die oes, aan die begin van die garsoes. ¹⁰ *Rispa, dogter van Aja, het 'n roukleedⁿ geneem en dit vir haar op die rots oopgesprei, van die begin van die oes af totdat daar water uit die hemelruim op hulle neergestort het. Sy het nie die voëls van die hemel toegelaat om bedags op die lyke toe te sak nie, en ook nie die wilde diere snags nie. ¹¹ Toe daar aan Dawid vertel is wat Rispa, dogter van Aja, die byvrou van Saul, gedoen het, ¹² het hy wat Dawid is, gegaan en die beendere van Saul en sy seun Jonatan gaan haal by die burgers van Jabes in Gilead, wat dit in die geheim verwyder het* van die plein in Bet-San, waar die Filistyne hulle opgehang het die dag toe die Filistyne Saul op Gilboa verslaan het.* ¹³ Dawid het die beendere van Saul en Jonatan daarvandaan opgeneem. Hulle het ook die beendere van dié wat aan pale gehang is, bymekaargemaak. ¹⁴ Hulle het toe die beendere van Saul en sy seun Jonatan neergelê in die graf van Kis, Saul se pa,* in die gebied van Benjamin, in Sela. Hulle het alles gedoen wat die koning beveel het. God het die smeekbedes vir die land daarna verhoor.*

Oorlog met reuse

¹⁵ Die Filistyne het toe weer oorlog gemaak met Israel. Dawid het afgetrek, en sy dienaars saam met hom. Hulle het teen die Filistyne

*21:10 Vgl Deut 21:22-23

ⁿ21:10 roukleed: As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

*21:12 beendere ... verwyder het: 1 Sam 31:11-13

*21:12 Filistyne hulle ... verslaan het: 1 Sam 31:1-6

*21:14 Kis ... pa: 1 Sam 9:1-2

*21:14 God ... verhoor: Vgl 2 Sam 24:25

geveg, maar Dawid het moeg geword. ¹⁶ Jisbi-Benob, uit die nageslag van Rafa,^o het gedink dat hy Dawid kan verslaan. Die gewig van sy lans was driehonderd sikkelp brons, en hy was omgord met 'n nuwe swaard. ¹⁷ Abisai,^{*} seun van Seruja, het Dawid te hulp gekom, die Filistyn verslaan en hom doodgemaak. Toe het die manne van Dawid onder eed vir hom gesê: “U mag nie weer saam met ons uittrek vir 'n geveg nie.^{*} U mag nie die lamp van Israel uitdoof nie.”

¹⁸ *'n Ruk daarna was daar weer oorlog met die Filistyne in Gob. Dit was toe dat Sibbekai uit Gusa^{*} vir Saf, uit die nageslag van Rafa, verslaan het. ¹⁹ Toe daar weer oorlog was met die Filistyne in Gob, het Elganan, seun van Jaäre-Oregim, uit Betlehem, Goliat uit Gat verslaan. Die skag van sy vegspies was soos die dwarsbalk van 'n weefraam.^{*}

²⁰ Toe daar weer oorlog in Gat was, was daar 'n reus van 'n man met ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet — vier-en-twintig altesaam. Ook hy het afgestam van Rafa. ²¹ Hy het Israel uitgetart, maar Jonatan, seun van Samma,^q die broer van Dawid, het hom verslaan. ²² Hierdie vier het afgestam van Rafa in Gat, maar hulle het gesneuwel aan die hand van Dawid en sy dienaars.

^o**21:16 Rafa:** Rafa was die stamvader van die Refaiëte, wat volgens oorlewering reuse was.

^p**21:16 300 sikkelp:** Ongeveer 3,5 kg; •Geldeenhede.

^{*}**21:17 Abisai:** 1 Sam 26:6; 2 Sam 2:18

^{*}**21:17 U ... geveg nie:** 2 Sam 18:3

^{*}**21:18-22** 1 Kron 20:4-8

^{*}**21:18 Sibbekai uit Gusa:** 1 Kron 11:29; 20:4; 27:11

^{*}**21:19 Goliat ... weefraam:** 1 Sam 17:4-7

^q**21:21 Samma:** In die bronteks en sommige vertalings is die naam van Dawid se broer “Simea”; vgl egter 1 Sam 16:9; 17:13.

Dawid se loflied

¹ Dawid het die woorde van hierdie lied vir die HERE voorgedra in die tyd toe die HERE hom gered het uit die greep van al sy vyande en uit die greep van Saul. ² Hy het gesê:

“Die HERE is my rotsvesting,

my bergskuiling, my bevryder.

³ My God is my rots^s by wie ek skuil,

my skild en die horing^t van

my redding,

my toevlugsoord, my skuilplek,

my verlosser —

van geweld het U my verlos.*

⁴ Die Een wat geloof moet word —

roep ek uit — is die HERE!*

En van my vyande word ek verlos.

⁵ Ja, bande van die dood

het my omspan;

strome van vernietiging

het my verskrik;

⁶ ^ubande van die •doderyk

¹22:1-51 Die loflied kom byna woordeliks ooreen met Ps 18:1-51.

^s22:3 My ... rots: Die •Septuagint, die •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “Die God van my rots”; vgl egter Ps 18:3.

^t22:3 horing: 'n Horing was die simbool van krag.

*22:3 horing ... verlos: Luk 1:69

*22:4 Die Een ... HERE: Ps 48:1; 96:4

^u22:6 Hand 2:24 verwys na 2 Sam 22:6 as heenwysing na Jesus Christus.

het my omstrengel;
vangstrikke van die dood
het my ingewag.

⁷ *In my benoudheid

het ek na die HERE bly roep;
na my God het ek geroep.

In sy paleis het Hy my stem gehoor;
my hulpgeroep het sy ore bereik.

⁸ Toe het die aarde geskud en geruk;
die fundamente van die hemel het gebewe.

Dit het geskud,

want sy toorn het ontvlam:

⁹ **Rook uit sy neus het opgestyg;
'n vuur uit sy mond het verteer,
gloeiende kole het daaruit opgevlam.

¹⁰ Hy het die hemel afgebuig
en neergedaal;
duisternis was onder sy voete.

¹¹ Hy het op 'n gerub^v gery,
Hy het gevlieg,
verskyn op die vlerke van die wind.*

¹² Hy het van donkerte rondom Hom

*22:7 Jona 2:2

*22:9-10 Ps 144:5; Jes 64:1

*22:9 Op 11:5

^v22:11 'n gerub: Hemelse wese met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

*22:11 gevlieg ... wind: Ps 104:3

'n beskutting gemaak,
wolke op wolke,
waaruit water neersif.

¹³ Uit die glans voor Hom
het gloeiende kole vuur gebrand.

¹⁴ *Die HERE laat uit die hemelruim
die donder weerklink;
die Allerhoogste laat sy stem hoor.

¹⁵ Hy stuur sy pyle en jaag hulle^w uiteen,
weerligstrale,
en bring hulle in verwarring.

¹⁶ Die beddings van die see
het sigbaar geword;
die fundamente van die aarde is ontbloot
deur die dreiging van die HERE,
vanweë die windvlaag uit sy neus.

¹⁷ *[“]Uit die hoogte het Hy sy hand
uitgestrek,
my vasgegryp,
my uit die watermassa opgetrek.

¹⁸ Hy het my weggeruk
van my kragtige vyand,
weg van my haters,
want hulle was te sterk vir my.

¹⁹ Op die dag van my teenspoed

*22:14 Ps 29:3

^w22:15 hulle: Dit verwys na die psalmdigter se vyande; vgl 2 Sam 22:18.

*22:17 Ps 144:7

het hulle my ingewag,
maar die HERE
was vir my 'n steunpilaar:
²⁰ Na 'n oopte het Hy my uitgelei;^{*}
Hy het my bevry,
omdat Hy my goedgesind is.
²¹ Die HERE het aan my goed gedoen,
omdat ek doen wat reg is;
omdat my hande skoon is,^{*}
het Hy het my vergoed.
²² Want ek het op die HERE se paai
gebly;
teenoor my God
het ek my nie skuldig gemaak nie.
²³ Ja, ek hou al sy wette voor oë,^{*}
en sy vaste voorskrifte —
daarvan wyk ek nie af nie.
²⁴ Ek was onberispelik voor Hom,
en het my weerhou van sondeskuld.
²⁵ Die HERE het my vergoed,
omdat ek doen wat reg is,
omdat my hande skoon is in sy oë.

²⁶ “Teenoor getroue volgelingen
tree U getrou op;

^{*}22:20 Na ... uitgelei: Ps 31:9; 118:5

^{*}22:21 my hande ... is: Ps 24:4

^{*}22:23 ek ... oë: Ps 119:30

teenoor die held^x wat onberispelik is,

tree U onberispelik op;

²⁷ teenoor dié wat hulle rein hou,

bewys U Uself rein;

maar teenoor dié wat vals is,

tree U berekenend op!^y

²⁸ *'n Magtelose volk

word deur U verlos,

en u oë hou hoogmoediges dop;

U verneder hulle.

²⁹ Ja, U is my lig, HERE;

die HERE verlig my donkerte.

³⁰ Ja, met U hardloop ek

oor 'n verdedigingswal,^z

met my God spring ek

oor 'n stadsmuur.

³¹ “God — sy weg is volmaak;

die woord van die HERE is gelouter.*

Hy is 'n skild vir almal

wat by Hom skuil.

^x**22:26 held:** Sommige Hebreëuse mss, die Septuagint en die Peshitta lui “die jong man”; vgl ook Ps 18:26.

^y**22:27 tree ... op:** Daar is waarskynlik 'n skryffout in die bronteks, en die lesing van Ps 18:27 asook twee Hebreëuse mss, word hier gevolg.

^{*}**22:28** Jes 2:11-12,17; Luk 1:51-52

^z**22:30 verdedigingswal:** Die Hebreëuse woord wat as “verdedigingswal” vertaal is, het 'n tweede betekenis, naamlik ‘bende’.

^{*}**22:31 woord ... gelouter:** Ps 119:140

³² * Ja, wie is God behalwe die HERE?

Wie is 'n rots behalwe ons God?

³³ God is my sterk toevlug;^a

Hy maak my pad volmaak.^b

³⁴ *Hy maak my voete

soos dié van wildsbokke;^c

op hoë plekke laat Hy my vasstaan.

³⁵ Hy leer my hande vir die geveg,

sodat my arms 'n bronsboog kan span.

³⁶ *"U het vir my u skild

van verlossing gegee;

u antwoord maak my sterk.

³⁷ *U skep ruimte vir my voetstappe;

my enkels swik nie.

³⁸ Ek agtervolg my vyande

en delg hulle uit;

ek draai nie om voordat ek

hulle uitgewis het nie.

³⁹ Ek wis hulle uit,

***22:32** Deut 32:31

^a**22:33** God ... toevlug: Verskillende vertalings volg een van die •Qumran-geskrifte, die Septuagint, die Peshitta en Vulgaat, en lui dan "God is die Een wat my met krag omgord"; vgl ook Ps 18:33.

^b**22:33** Hy ... volmaak: 'n Hebreeuse ms, die Septuagint en Peshitta word hier gevolg; vgl Ps 18:33. Die bronteks lui "Hy laat sy pad volmaak spring".

***22:34** Deut 33:29; Hab 3:19

^c**22:34** wildsbokke: Waarskynlik rooitakbokke.

***22:36** Ef 6:16-17

***22:37** Vgl Spr 4:12

ek verpletter hulle,
sodat hulle nie opstaan nie;
hulle val onder my voete.
⁴⁰ U omgord my met krag vir die geveg;
U laat my teenstanders
die knie voor my buig.
⁴¹ *My vyande —
U het hulle vir my laat vlug;^d
my haters —
ek kon hulle vernietig.
⁴² Hulle het rondgekyk,
maar daar was geen verlosser nie —
selfs na die HERE gekyk,^e
maar Hy het hulle nie geantwoord nie.
⁴³ Ek het hulle fyn gemaal
soos die stof van die aarde;
soos modder in die strate
het ek hulle verpoeier,
ek het hulle vertrap.*
⁴⁴ U het my van die gestry
onder my volk bevry;
U beskerm my, die hoof van nasies.

*22:41 Eks 23:2

^d22:41 laat vlug: Letterlik 'gee nek vir'.

^e22:42 gekyk: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*22:43 soos modder ... vertrap: Miga 7:10

Mense wat ek nie geken het nie,
dien my;^{*}
⁴⁵ vreemdes veins onderdanigheid
aan my;
sodra hulle van my hoor,
gehoorsaam hulle my.
⁴⁶ Vreemdes verloor moed;
bewend kom hulle^f uit hulle vestings.*

⁴⁷ “Die HERE leef!
My rots moet geprys word!
Die God wat die rots
van my verlossing^{*} is,
is verhewe!
⁴⁸ God is die Een wat my toelaat
om wraak te neem;
Hy onderwerp volke aan my,^{*}
⁴⁹ Hy wat my weglei van my vyande.
Ja, U verhoog my bo my teenstanders;
aan manne van geweld ontruk U my.
⁵⁰ *Daarom sal ek U loof
onder die nasies, HERE;

***22:44 Mense ... dien my:** 1 Sam 8:1-14; Jes 55:5

^f**22:46 bewend kom hulle:** Hierdie teks stem ooreen met 'n Hebreeuse ms, soos in die meeste vertalings. Die bronteks lui “hulle gord hulleself vanuit hulle vestings”.

***22:46 bewend ... vestings:** Miga 7:17

***22:47 rots van my verlossing:** Ps 89:27; 95:1

***22:48 Hy ... aan my:** Ps 144:2

***22:50 Rom 15:9**

u Naam sal ek besing.

⁵¹ Dit is Hy wat aan sy koning
groot oorwinnings gee,*
wat troue liefde bewys
aan sy gesalfde,*
aan Dawid en sy nageslag vir
altyd.*”

23

Dawid se laaste woorde

¹ Dit is die laaste woorde van Dawid:

“Die uitspraak van Dawid,
seun van Isai,*
die uitspraak van die man
wat hoog geplaas is,*
die gesalfde van die God van Jakob,*
die geliefde van die liedere van Israel.

² *Die Gees van die HERE spreek deur my,
sy woord is op my tong.

³ “Die God van Israel het met my
gepraat,

*22:51 Hy ... gee: Ps 144:10

*22:51 sy gesalfde: Ps 89:21

*22:51 Dawid ... altyd: 2 Sam 7:12

*23:1 Dawid ... Isai: 1 Sam 16:1

*23:1 man ... geplaas is: 2 Sam 7:8-9

*23:1 gesalfde ... Jakob: 1 Sam 16:12; Ps 89:21

*23:2 2 Pet 1:21

die Rots van Israel* het gesê,
'Hy wat regverdig heers onder mense,
hy wat in die vrees van die HERE heers,
 ⁴ is soos die môrelik teen sonop
 op 'n wolklose oggend;
deur die helderheid wat die reën bring,
 spruit^g groen gras uit die aarde.'

⁵ "Ja, is dit nie soos my huis
 by God is nie?
Want Hy het 'n ewige verbond
 met my gevestig,*
 in alle opsigte georden en beskerm.
Ja, al my heil en alle wense,
sal Hy dit dan nie laat uitspruit nie?

⁶ "Maar skurke —
 soos dorings word hulle almal
 uitmekaar gewaai;^h
want mens vat nie met die hand
 daaraan nie.

⁷ Wie aan hulle raak,
 het in sy hand 'n yster,
 of die steel van 'n vegspies;

***23:3 Rots van Israel:** Gen 49:24; Deut 32:18; Ps 18:3; Jes 30:29

^g**23:4 spruit:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***23:5 Hy ... gevestig:** 2 Sam 7:15-16; Ps 89:30

^h**23:6 uitmekaar gewaai:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

en hulle word net daar
heeltemal verbrand.”

Dawid se helde

⁸*Dit is die name van Dawid se helde:

Joseb-Bassebet van Tagkemon. Hy was die hoof van die drietal. Hy het sy spies geswaaiⁱ oor agthonderd man wat by een geleentheid deurboor is.

⁹Ná hom was daar Eleasar, seun van Dodo, seun van 'n man uit Agoag. As een van die drietal, die helde, was hy by Dawid toe hulle die Filistyne uitgetart het wat daar vir die geveg byeen was. Toe die manne van Israel teruggetrek het, ¹⁰het hy vasgestaan en die Filistyne neergevel totdat sy hand so moeg was dat dit aan die swaard vasgekrimp was. Die HERE het daardie dag 'n groot oorwinning bewerk. Die manskappe het teruggedraai na Eleasar — net om die dooies te plunder.

¹¹Ná hom was daar ook Samma, seun van Agee, uit Harar. Die Filistyne het byeengekom in 'n kamp^j waar daar 'n stuk land vol lensies was. Toe die manskappe vlug voor die Filistyne, ¹²het Samma stelling ingeneem in die middel van die land en dit herower. Hy het die Filistyne neergevel, en die HERE het 'n groot oorwinning bewerk.

*23:8-39 1 Kron 11:11-41

ⁱ23:8 sy ... geswaai: Twee Hebreeuse mss en mss van die •Septuagint (wat waarskynlik aangepas is na aanleiding van 1 Kron 11:11) word hier gevolg; vgl ook 2 Sam 23:18. Die bronteks kan vertaal word “Adino die Esniet”.

^j23:11 in 'n kamp: Sommige vertalings gee die Hebreeuse woord (met geringe vokaalwysiging) weer as 'n pleknaam “Legi”; vgl Rig 15:9,14,19.

¹³ Drie van die dertig leiers het afgegaan en in die oestyd by Dawid aangekom in die grot van Adullam.* Die kamp van die Filistyne was opgeslaan in die vallei van Refaïm. ¹⁴ Dawid was op daardie stadium in die bergvesting,* en 'n garnisoen van die Filistyne was toe in Betlehem.* ¹⁵ Dawid was vol heimwee en het gesê: “As iemand tog net vir my water kon laat drink uit die opgaarput^k by Betlehem wat by die dorpspoort is!” ¹⁶ Die drie helde het toe deur die kamp van die Filistyne gebreek en water geskep uit die opgaarput by die dorpspoort van Betlehem. Hulle het dit na Dawid toe gedra. Maar hy wou dit nie drink nie en het dit vir die HERE uitgegiet.* ¹⁷ Hy het gesê: “Mag die HERE my daarvan weerhou om hierdie water te drink! Is dit nie die bloed van die manne wat hulle lewens gewaag het nie?” Hy wou dit nie drink nie. Dit was sulke dade wat die drie helde gedoen het.

¹⁸ Abisai, seun van Seruja en Joab se broer,* was hoof van die drie, en hy het sy vegspies geswaai oor driehonderd wat deurboor is. Maar hy was nie een van die drie nie.¹ ¹⁹ Was hy dan nie meer geëerd as die drie nie? Hy was hulle aanvoerder, maar hy was nie die gelyke van die drie nie.

²⁰ Dan was daar Benaja, seun van Jojada,* 'n onverskrokke man uit

*23:13 Dawid ... Adullam: 1 Sam 22:1

*23:14 Dawid ... bergvesting: 1 Sam 22:4

*23:13-14 Die kamp ... Betlehem: 2 Sam 5:17-18

^k23:15 opgaarput: 'n Groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

*23:16 vir ... uitgegiet: Vgl 1 Sam 7:6

*23:18 Abisai ... broer: 1 Sam 26:6; 2 Sam 2:18

¹23:18 hy was ... drie nie: Sommige Hebreeuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “vir hom is 'n naam by die drie”.

*23:20 Benaja ... Jojada: 2 Sam 8:18; 20:23

Kabseël wat groot dade gedoen het. Hy is die een wat die twee manne van Moab, manne met leeuemoed,^m verslaan het. Dit is hy wat op 'n dag toe dit gesneeu het, binne-in 'n opgaarput afgegaan en 'n leeu neergevel het.²¹ Dit is ook hy wat 'n Egiptenaar, 'n indrukwekkende man, verslaan het. Die Egiptenaar het 'n vegspies in sy hand gehad, en Benaja het na hom afgegaan met net 'n stok. Hy het die vegspies uit die Egiptenaar se hand geruk en hom met sy eie vegspies doodgemaak.²² Dit was sulke dade wat Benaja, seun van Jojada, gedoen het, maar hy was nie een van die drie helde nie.ⁿ²³ Hy was meer geëerd as die dertig, maar hy was nie die gelyke van die drie nie. Dawid het hom aangestel by sy lyfwag.

²⁴ Onder die dertig helde was daar:

Asael,* Joab se broer,

Elganan, seun van Dodo uit Betlehem,

²⁵ Samma uit Garod,

Elika uit Garod,

²⁶ Geles uit Pelet,

Ira, seun van Ikkes, uit Tekoa,

²⁷ Abiëser uit Anatot,

Mebunnai^o uit Gusa,

²⁸ Salmon uit Agoag,

Marai uit Netofa,

^m**23:20 die twee ... leeuemoed:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Sommige gee dit weer as “die twee helde”, terwyl ander dit as “die twee seuns van Ariël” vertaal. Die Hebreeuse woord *ariël* beteken ‘leeu van God’.

ⁿ**23:22 hy ... helde nie:** Sommige Hebreeuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “vir hom is 'n naam by die drie helde”.

^{*}**23:24 Asael:** 2 Sam 2:18

^o**23:27 Mebunnai:** Sommige vertalings volg die Septuagint en vertaal dit as “Sibbekai”; vgl 1 Kron 11:29.

²⁹ Geleb,^p seun van Baäna uit Netofa,
Ittai, seun van Ribai uit Gibeä in Benjamin,
³⁰ Benaja uit Piraton,
Hiddai uit Nagale-Gaäs,
³¹ Abi-Albon uit Bet-Araba,
Asmawet uit Bagurim,
³² Eljagba uit Saälbon, uit die nageslag van Jasen,
Jonatan, seun van^q ³³ Samma uit Harar,
Agiam, seun van Sarar uit Arar,
³⁴ Elifelet, seun van Agasbai, uit Maäka,^r
Eliam, seun van Agitofel uit Gilo,^{*}
³⁵ Gesro uit Karmel,
Paärai uit Arab,
³⁶ Jigal, seun van Natan uit Soba,
Bani uit Gad,
³⁷ Selek die Ammoniet,
Nagrai uit Beërot, die wapendraer van Joab, seun van Seruja,
³⁸ Ira uit Jeter,
Gareb uit Jeter,
³⁹ en Urija die Hetiet.

Altesaam was hulle sewe-en-dertig.

^p**23:29 Geleb:** Talle Hebreeuse mss en die •Vulgaat lui “Geled”; vgl 1 Kron 11:30.

^q**23:32 uit die ... Jonatan, seun van:** Die bronteks lui “seuns van Jasen, Jonatan”.

^r**23:34 uit Maäka:** Die Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “seun van Maäka”.

^{*}**23:34 Agitofel uit Gilo:** 2 Sam 15:12; 1 Kron 27:33

Opname van die weerbare manne

¹ *Die HERE het weer kwaad geword vir Israel. Hy het Dawid teen hulle opgesteek met die woorde: “Gaan tel Israel en Juda.” ² Toe sê die koning vir Joab,* die leëraanvoerder wat by hom was: “Gaan rond onder al die stamme van Israel, van Dan tot Berseba,* en maak 'n opname van die manskappe, sodat ek kan weet hoeveel manskappe daar is.” ³ Maar Joab het vir die koning gesê: “Mag die HERE u God by die manskappe nog 'n honderd maal soveel as wat hulle is, byvoeg, terwyl my heer die koning dit sien! Maar, my heer die koning, waarom wil u dit so graag doen?” ⁴ Die koning se woord het egter meer gewig gedra as dié van Joab en die leëraanvoerders, en Joab en die leëraanvoerders het van die koning af uitgegaan om 'n opname te maak van die manskappe in Israel.

⁵ Hulle het die Jordaan oorgesteek en kamp opgeslaan by Aroër,* suid van die dorp in die middel van die dal Gad, aan die kant van Jaeser.^s

⁶ Daarna het hulle in Gilead ingegaan, na die streek van Tagtim-Godsi.^t Hulle het in Dan-Jaän aangekom en weggedraai^u na Sidon. ⁷ Toe het hulle by die vestingstad Tirus* aangekom, en ook by al die dorpe van

*24:1-4 1 Kron 21:1-4

*24:2 Joab: 1 Sam 26:6; 2 Sam 8:16

*24:2 Dan tot Berseba: 2 Sam 3:10

*24:5 Aroër: Num 32:34; Deut 2:36

^s24:5 aan ... Jaeser: Letterlik ‘na Jaeser’.

^t24:6 Tagtim-Godsi: Dit is 'n onbekende gebied. 'n Ms van die •Septuagint, gevolg deur sommige vertalings, lui “die land van die Hetiete, na Kades”.

^u24:6 weggedraai: Die Septuagint, •Peshitta, •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “rondom”.

*24:7 Tirus: 2 Sam 5:11

die Hewiete en Kanaäniete, en daarna uitbeweeg na die suide van Juda by Berseba. ⁸ So het hulle rondgegaan deur die hele land, en ná nege maande en twintig dae weer in Jerusalem aangekom. ⁹* Joab het die getal van die manskappe waarvan 'n opname gemaak is, aan die koning oorhandig: In Israel was daar agthonderdduisend weerbare manne gewapen met swaarde, en die weerbare manne van Juda was vyfhonderdduisend man.

¹⁰* Maar Dawid se gewete het hom gepla^v nadat hy die manskappe getel het. Dawid sê toe vir die HERE: “Ek het ernstig gesondig* deur wat ek gedoen het. HERE, skeld nou asseblief die sondeskuld van u dienskneg kwyd, want ek het baie dwaas opgetree.”

¹¹ Toe Dawid die volgende oggend opstaan, het die woord van die HERE tot die profeet Gad,* die siener van Dawid, gekom: ¹² “Gaan en sê vir Dawid, ‘So sê die HERE: “Drie moontlikhede lê Ek aan jou voor; kies vir jou een daarvan, sodat Ek dit aan jou kan doen.” ’ ” ¹³ Gad het by Dawid gekom en hom dit meegedeel. Hy het vir hom gesê: “Moet daar sewe jaar hongersnood oor jou in jou land kom; of moet jy vir drie maande lank op die vlug wees voor jou teenstanders, terwyl hulle jou agtervolg; of moet daar vir drie dae lank pessiëkte wees in jou land?* Oorweeg dit en kyk watter antwoord ek moet terugneem na Hom wat my gestuur het.” ¹⁴ Daarop het Dawid vir Gad gesê: “Ek is baie benoud. Laat ons asseblief in die hand van die HERE val, want groot is sy

*24:9 1 Kron 21:5

*24:10-25 1 Kron 21:8-26

^v24:10 Dawid ... gepla: Die Hebraëuse idioom kan vertaal word as “Dawid se hart het hom geslaan”; vgl 1 Sam 24:6.

*24:10 Ek ... gesondig: Vgl 2 Sam 12:13

*24:11 profeet Gad: 1 Sam 22:5; 2 Sam 24:18-19; 1 Kron 29:29; 2 Kron 29:25

*24:13 Moet ... wees in jou land: Eseg 14:21

ontferming. Maar in die hande van mense wil ek nie val nie.”

¹⁵ Toe het die HERE 'n pessiëkte in Israel beskik, van die oggend af tot die vasgestelde tyd. Van Dan tot Berseba het sewentigduisend man gesterf. ¹⁶ En toe die engel sy hand na Jerusalem uitsteek om dit te verwoes, was die HERE jammer* oor die ramp. Hy sê toe vir die engel, wat besig was om verwoesting te saai onder die manskappe: “Dit is nou genoeg, trek jou hand terug!” Die engel van die HERE^w was toe naby die dorsvloer van Arauna, die Jebusiet.*

¹⁷ Dawid het met die HERE gepraat toe hy die engel sien wat die manskappe tref. Hy het gesê: “Kyk, ek is die een wat gesondig het, ek is die een wat afgedwaal het. Hierdie manne is maar kleinvee. Wat het hulle gedoen? Laat u hand asseblief teen my en my familie wees.”

¹⁸ Gad het dieselfde dag nog by Dawid gekom en vir hom gesê: “Gaan op na die dorsvloer van Arauna, die Jebusiet, en rig vir die HERE daar 'n altaar op.” ¹⁹ Dawid het, soos die HERE deur Gad opdrag gegee het, opgegaan, ²⁰ en toe Arauna afkyk en die koning en sy dienaars na hom sien aankom, het hy uitgegaan en voor die koning diep gebuig met sy gesig teen die grond. ²¹ *Arauna sê toe: “Waarom kom my heer die koning na sy dienaar?” Daarop antwoord Dawid: “Om die dorsvloer by jou te koop, om vir die HERE 'n altaar te bou, sodat die plaag van die manskappe afgewend kan word.” ²² Arauna het egter vir Dawid gesê: “My heer die koning kan neem en offer soos wat goed is in sy oë. Kyk, daar is die beste vir 'n brandoffer, en die dorssleë en jukke van die

*24:16 was die ... jammer: Eks 32:14; Joël 2:3-14; Am 7:3-6

^w24:16 Die engel van die HERE: Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat bloot opdragte uitvoer of boodskappe oordra. Dit word ook vertaal “die boodskapper van die HERE”.

*24:16 Arauna, die Jebusiet: 2 Kron 3:1

*24:21-24 Gen 23:8-16

beeste as brandhout. ²³ Dit alles, o koning, skenk Arauna aan die koning.” Arauna het ook vir die koning gesê: “Mag die HERE u God u aanvaar!” ²⁴ Maar die koning het Arauna geantwoord: “Nee! Want ek gaan dit beslis by jou koop teen 'n prys. Ek gaan nie aan die HERE my God brandoffers bring sonder uitgawes nie.”

Dawid het toe die dorsvloer en die beeste gekoop vir vyftig sikkel silwer.^x ²⁵ Dawid het daar vir die HERE 'n altaar gebou en brandoffers en maaltydoffers gebring. Die HERE het toe die smeekbedes vir die land verhoor, en die plaag is van Israel afgewend.*

^x24:24 50 sikkel silwer: Ongeveer 0,6 kg; •Geldeenhede.

^{*}24:25 Die ... afgewend: 2 Sam 1:14